

# AS TOT AS

# OF

# STOF TOT STOF?



PIET WILSENACH

GENESIS 3:15

# As tot As
# of
# Stof tot Stof


deur

**PIET WILSENACH**

*God roep nie die gekwalifiseerde nie,*
*Hy kwalifiseer die geroepene.*




To hold a pen
is to be at war.
VOLTAIRE


"If you want to
change the world,
pick up your
pen and write."
Martin Luther

**As tot As of Stof tot Stof?**

Alle regte voorbehou © Piet Wilsenach. Geen gedeelte van hierdie boek mag geproduseer word in enige vorm, hetsy meganies of elektronies, insluitende band- of laserskyf opnames en fotokopiëring, sonder skriftelike toestemming van die outeur nie, behalwe redelike aanhalings vir navorsing- en resensie doeleindes.

**Outeur:** Piet Wilsenach

**Eerste Uitgawe:** Februarie 2016
**Tweede Uitgawe:** Februarie 2018

**ISBN:** **978-0-620-68708-9**

**Kontak Besonderhede:**
**Web:** ***www.pietwilsenach.com***
**Epos:** ***piet@pietwilsenach.com***




**Kopiereg © 2016**
**Piet Wilsenach**
**Suid Afrika**

**Hierdie boek word met hoogagting, respek en liefde opgedra aan:**



# Oom Kiewiet

Oom Kiewiet het 'n baie nederige en rustige gees,
met diepe bepeinsing wanneer hy die Skrifte lees.
Om by te staan is hy altyd bereid en getrou,
ook gee hy raad wanneer ander verbrou.
Kwaad word was nog nooit is in sy aard,
wat ons nou wil weet is; wanneer groei oom eendag 'n baard?
Oom is tog immers 'n Parabat van formaat!
En op 71 jaar, het die valskerm oom weereens veilig neergelaat...

Jy sal nooit die Kwaad, Oorlog, Misdaad, Euwel, Bloed, Hartseer, Trane, Dood, Korrupsie, Geldmag, Elite, Media, Breinspoeling, Misleiding, Geheime Leiers en hul Agenda van hierdie wêreld verstaan, as jy nie die "**god**" van hierdie wêreld verstaan nie. En jy sal nooit die "**god**" van hierdie wêreld verstaan [**2 Kor. 4:4**] as jy nie die **Skrifte** verstaan nie, en jy sal **<u>NOOIT</u>** die **Skrifte** verstaan, as jy nie **<u>HEEL EERSTE</u>:** **<u>Gen 3:15</u>** verstaan nie... **Laat dit insink...!!!**

**En ek sal vyandskap stel tussen jou, [Satan] en die vrou, en tussen jou saad [sper'-mah] en haar saad [sper'-mah]**

*"Hoe nader ek aan my Skepper beweeg, hoe meer besef ek hoe vêr ek regtig van Hom is."*

*~ Piet Wilsenach*

# Inhoud

**Voorwoord:**

**Hoofstuk 1**

As tot As
Woord Definisie
Wen R10,000,000 [ZAR]
Beste Bybel?

**Hoofstuk 2**

Vrae en Antwoorde

**Hoofstuk 3**

Bene verander nie in "AS" nie
Die BEEN – Ongelooflik Belangrik!
Ons Bene
Grond Begrafnis – Ouderwetse Tegnologie
Die "Tri-State" Krematorium Insident
Middelburg – Transvaal – Suid Afrika
Vals As

**Hoofstuk 4**

Wat gebeur met die liggaam?
Waaruit bestaan ons liggame?
Die Liggaam – Nie slegs oorskot nie!
Die verlossing van ons liggaam
Argumente

**Hoofstuk 5**

Geen Appèl

Die Oordeelsdag

**Hoofstuk 6**

Die opstanding van ons Messiah
Volg Jésua se voorbeeld

**Hoofstuk 7**

Sonde na die Dood
Hardkoppige geliefdes
Hardkoppige Wederhelfte
‘n Laaste vraag
Is ek my eie god?
Kom ons praat Eksplisiet!
Gekookte Padda Sindroom

**VERAS of BEGRAWE?**

**Addendum**

Nou het ek ’n paar vrae?
Wat van my geliefdes wat veras is?
Wat van rampe?
Net Goeie mense word begrawe
Staats verassing
Kognitiewe Dissonansie
Standpunt
Saul en sy seuns
Maak u besluit welbekend!

**Inligting**

Gratis e-boek Aflaai:
Webwerf
Ander publikasies deur dieselfde outeur:

# *Voorwoord:*

Ek het twee boeke met betrekking tot veras of begrawe geskryf, een in Engels en een in Afrikaans. Die titel van die Afrikaanse boek is:
**"Veras of Begrawe, wat sê die Bybel?"**
Die bogenoemde e-boek sowel as hierdie e-boek kan **Gratis afgelaai** word – sien onderaan bladsy.

Ek het ontdek dat 'n kleiner boek nodig is, wat die Bybelse perspektief sou oorbring in 'n paar bladsye, wat die kern van die onderwerp hard en duidelik oordra. Dit is hoe hierdie boekie tot stand gekom het. Dit gebeur dikwels dat familie skielik die boek oor Veras of Begrawe wil lees wanneer 'n geliefde sterf, maar tyd laat dit nie toe om die boek in so 'n kort tydperk deur te werk nie, dit wil sê; waar die oorblywende geliefde 'n vinnige besluit moet neem met betrekking tot 'n verassings diens of 'n tradisionele begrafnis. Ek hoop dat hierdie boek daardie gaping sal vul en daaraan voldoen, nie net om die regte besluit te neem nie, maar om 'n **Skriftuurlik Korrekte Besluit** te neem!

Ek sou egter die leser sterk aanbeveel om die volle bogenoemde boek af te laai om al die data te verkry, wat die volgende insluit: Bybelse sowel as sekulêre en historiese verband met hierdie gru-daad van verassing, en wat die gevolge van hierdie besluit behels, veral op 'n geestelike vlak.

My boeke kan **gratis** afgelaai word vanaf:
***www.pietwilsenach.com***
**www.free-ebooks.net**

…en van menige ander webtuistes – soek net vir:

"**Piet Wilsenach**"

**Met Dank Aan:**

# My Skepper en Hemelse Vader

**...asook**

**AW, NK, RK, RM, MS, BM en CR**

Mag dit ons Vader behaag om elkeen wat hierbo genoem word, [wat die lewensgees besit] te seën vir hul bydrae, wetend of onwetend.

**Baie Belangrik:**
**HIPOTESE**

Die HAT [Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal] verklaar die term “Hipotese” as volg:


**“Onbewese stelling wat moet dien as grondslag vir redenering; veronderstelling.”**

**“Voorlopige veronderstelling wat gebruik word om iets anders te bewys.”**

Hiermee verklaar ek dat elke woord in hierdie boek onderworpe is aan die term hierbo uiteengesit.
Waarom? Omdat ek ‘n ongeleerde, eenvoudig man is!

**Uitgesluit is die volgende:**
Natuurlik waar God se Woord aangehaal word, wat ek as feitlik, waar, onverganklik, Gees geïnspireerd en rein [heilig] sien, en sal glo tot in alle ewigheid.

Verder verklaar ek dat die leser nie die skrywer se woord moet aanvaar nie, maar self moet ondersoek, **soos die Skrif ons beveel om te doen**, en dan self te besluit op sy oortuigings, gegrond op sy eie bevindings, knie op die grond en Bybel in die hand, onder leiding van God se Gees van Waarheid.



**HIERDIE BOEK IS GESKRYF VIR:**
**DIE GOD-SOEKER en die WAARHEID-SOEKER**

**HIERDIE BOEK IS GESKRYF DEUR ‘n FUNDAMENTALIS!**

Dit is ‘n persoon wie se grondbeginsel in die Skrif gefundeerd is **[Sola Scriptura]**, wat lees wat in die Skrif geskrywe staan, en verstaan, wat daar staan. Dit is ‘n persoon waarvan hooggeleerde teologiese professors sê, hy verstaan nie die Skrif nie, want as jy verstaan, wat daar geskrywe staan, verstaan jy nie, wat daar staan nie. [Toemaar, ek verstaan dit ook nie!!! **2 Kor 1:13**]

**Ek, die skrywer, is nie onfeilbaar nie:**

- ✓ ***Ek verklaar geensins dat my kennis van die waarheid onfeilbaar is nie.***
- ✓ ***Ek verklaar geensins dat my interpretasie van die Skrif onfeilbaar is nie.***
- ✓ ***Ek verklaar geensins dat die wyse waarop ek my God dien, of my gehoorsaamheid aan Hom, onfeilbaar is nie.***
- ✓ ***Verder: elke persoon wat in hierdie boek by die naam genoem word, wat in die lewe is, noem ek by die naam vir die volgende rede:***

**<u>Esg 3:17</u> Mensekind, Ek het jou as wag vir die huis van Israel aangestel; en as jy ‘n woord uit my mond hoor, <u>moet jy hulle van my kant waarsku.</u>**
**<u>Esg 3:18</u> As Ek aan die goddelose sê: Jy sal sekerlik sterwe—<u>en jy waarsku hom nie en spreek nie om die goddelose vir sy goddelose weg te waarsku om hom in die lewe te hou nie, dan sal hy, die goddelose, deur sy</u>**

**<u>ongeregtigheid sterwe; maar sy bloed sal Ek van jou hand eis.</u>**

**<u>Esg 3:19</u> Maar as jy die goddelose waarsku, en hy hom nie van sy goddeloosheid en van sy goddelose weg bekeer nie, <u>dan sal hy deur sy ongeregtigheid sterwe; maar jy het jou siel gered.</u>**

## KERN BOODSKAP

**<u>2Kor 4:2</u> Maar ons het van die heimlike dinge wat skandelik is, afstand gedoen, en ons wandel nie in listigheid <u>of vervals die woord van God nie</u>; <u>maar deur die waarheid aan die lig te bring</u>, beveel ons ons by elke menslike gewete voor God aan.**

**<u>2Kor 4:3</u> <u>Maar as ons evangelie dan nog bedek is, is dit bedek in die wat verlore gaan,</u>**

**<u>2Kor 4:4</u> <u>naamlik die ongelowiges in wie die god van hierdie wêreld die sinne verblind het</u>, sodat die verligting van die evangelie van die heerlikheid van Christus, wat die beeld van God is, <u>op hulle nie sou skyn nie.</u>**

Liewe vriend, soos jy deur die bladsye van hierdie boek blaai, vra ek dat jy die volgende gedagtes voortdurend sal bedink:

- ? ***Wie vervals die Woord van God?***
- ? ***Vir wie is die evangelie bedek?***
- ? ***Wie se sinne is verblind?***
- ? ***En wie manifesteer die waarheid; vanuit die Skrifte?***

# Wanneer ek na “God” verwys, verwys ek na die God van Abraham, Isak en Jakob, van die Skrifte, DIE GOD VAN ISRAEL




**En Onthou!**

## *Moet jou nooit skaam vir God se Woorde nie:*

**<u>Luk 9:26</u> Want elkeen wat hom skaam vir My en my woorde, <u>vir hom sal die Seun van die mens Hom skaam wanneer Hy kom...</u>**

Tensy anders aangedui is alle Skrif aanhalings geneem uit die Bybel – Ou Afrikaanse Vertaling 1933/53 met verlof van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika. Engelse Bybel aanhalings vanuit die 1769 *King James Version of the Holy Bible.*

Hierdie boek is slegs van toepassing op diegene wat hulself as Bybel gelowige kinders klassifiseer, **wat die God van Abraham, Isak en Jakob** wil aanbid; dien, en slegs Hom alleen wil gehoorsaam. Die boek het geen betrekking op mense wat nie in die Skrifte glo nie...

[Hierdie boek bevat ook 'n paar geheime en verskriklike feite wat verband hou met die Verassings Industrie, wat selfs vir nie-gelowiges skokkend sal wees.]

Voorblad Foto: "liggaam in verassing oond"
Krediet aan: **Henry Mühlpfordt**


Die pen
is
magtiger
as
die
swaard.
GENESIS 3:15

# *Hoofstuk 1*

## As tot As

Baie mense glo dat die baie bekende term:
**"As tot As - Stof tot stof"** - van Bybelse oorsprong is. Die boek het juis ontstaan omdat daar so baie Engelse mense is wat glo dat die term: ***"Ashes to Ashes"*** 'n skriftuurlike term is, en daarom is daar niks met verassing verkeerd nie. As gevolg van hul aanname dat dit 'n Bybelse term is, aanvaar hulle dat daar absoluut niks verkeerd is met verassing nie, bloot omdat die Bybel dit duidelik stel:
**"*Ashes to Ashes*"** oftewel **"As tot As"**

Wel, hier is jou heel eerste skok vraag - het jy al ooit gesoek of fisies die term: **"As tot As"** in jou Bybel gelees?

| Jou antwoord? | **JA** | | **NEE** | |
|---|---|---|---|---|

Indien jy "**Ja**," as jou antwoord kies, moet jy my asseblief laat weet in watter Bybel jy dit gelees het. Hierdie frase verskyn nie in die 1933/53 Ou Afrikaanse Vertalings nie en nog minder in die 1611 of 1769 *King James* vertaling.

Hoekom is die korrekte antwoord "**NEE?**". Omdat die term "**As tot As**" eenvoudig nêrens in die Bybel geskryf is nie! Dit bestaan nie in die Bybel nie, selfs nie een enkele keer nie! Waarom dan, word hierdie frase so algemeen aanvaar as 'n Bybelse frase?

Wel, dit kom uit 'n boek getiteld: ***"Book of Common Prayer"*** en die frase is opgeneem in die artikel ***"Funeral Service"*** van die boek. Dit word byna altyd gebruik by Engelse begrafnis dienste, waar die pastoor of prediker by die graf staan, met die Bybel in sy hand, en daarom aanvaar, [veral Engelssprekendes] dit as 'n

Bybelse frase – wat dit inderwaarheid nie is nie. Die paragraaf in die ***"Book of Common Prayer" [Burial Rite Section]*** is:

> ***"In sure and certain hope of the resurrection to eternal life through our Lord Jesus Christ, we commend to Almighty God our brother <name>; and we commit his body to the ground; <u>earth to earth; ashes to ashes, dust to dust.</u> The Lord bless him and keep him, the Lord make his face to shine upon him and be gracious unto him and give him peace. Amen."***

Die frase word gebaseer op Genesis 3:19 wat soos volg lees:

> **<u>Gén 3:19</u> In die sweet van jou aangesig sal jy brood eet totdat jy terugkeer na die aarde, want daaruit is jy geneem. <u>Want stof is jy, en tot stof sal jy terugkeer.</u>**

Soos u hier kan sien staan daar hoegenaamd niks van **"As tot As"** nie, maar wel **"stof is jy, en tot stof sal jy terugkeer."** Die **"Stof"** waarvan hier gepraat word, is egter baie vêr van die woord **"as,"** soos van 'n vuur en baie beslis nie van "as," soos in die ware sin van "**verassing**" of "**lykverbranding**" nie.



## Woord Definisie

Die Hebreeuse woord vir "stof" is: "**'âphâr**" en beteken bloot - **"stof van klei, grond of modder"**

Voordat ons aanbeweeg, moet ons na nog 'n paar verse kyk om die begrip te kry.

> **<u>Gén 18:27</u> En Abraham antwoord en sê: Kyk tog, ek het dit gewaag om met die Here te spreek <u>alhoewel ek stof en as is.</u>**

Hier wil dit blyk of Abraham bevestig dat hy "**as**" is. Die heel eerste waarneming wat ons moet begryp: [hoe dom dit ook al mag klink] is dat Abraham gesond en wel is, terwyl hy hierdie woorde spreek; Hy is beslis nie "as" terwyl hy met God in gesprek is nie. Hy is wel "stof" maar slegs omdat hy uit "stof" gemaak of geskape is. Dit word bevestig in die volgende vers:

> **<u>Gén 2:7</u> En die HERE God het die <u>mens geformeer uit die stof van die aarde</u> en in sy neus die asem van die lewe geblaas. So het dan die mens 'n lewende siel geword.**

Die volgende logiese vraag is; wat op dees aarde is Abraham se bedoeling wanneer hy na homself verwys as "as?" Die eenvoudige antwoord is ook gewortel in die betekenis van die Hebreeuse woord – Strong's woord nommer H665

[Ek gee hier die Engelse vertaling omdat ek slegs toegang het tot die Engelse weergawe met Strong's woord nommers]

> **<u>Gén 18:27</u> And Abraham answered and said, Behold now, I have taken upon me to speak unto the Lord, which *am but* dust and <u>ashes:H665</u>**

Die Hebreeuse woord is: “**'êpher**” en in stede van die “as” beskrywing, word dit ook gebruik om die woord “**waardeloosheid**” te beskryf [figuurlik natuurlik].

Daar is baie woorde, nie net in die Bybel nie, maar ook in ons eie taal waar dieselfde woord gebruik word, maar nie dieselfde betekenis weergee nie, letterlik sowel as figuurlik.

Kom ons neem ‘n eenvoudige woord soos: “deur”. Daar is baie gebruike vir hierdie woord. ‘n Paar voorbeelde volg:

Hy het die **deur** vir haar oopgemaak. Sy het die **deur** van my hart oopgemaak. Wanneer een **deur** sluit, maak ‘n ander **deur** oop. Jy moet liefs daardie **deur** toe hou.

Ons het slegs ‘n paar voorbeelde gestaaf van letterlike sowel as figuurlike betekenisse vir die woord “deur”, maar met totaal verskillende betekenisse.

Die duidelike antwoord dan; Abraham verwys eenvoudig na homself as “waardeloos” as figuurlike metafoor. Dit verwys nie na “**as**”, soos in ‘n oorblyfsel van iets wat verbrand is, of was nie.

‘n Ander vers wat [verkeerdelik] gebruik kan word ter verdediging vir die term **“As to As”**, is die volgende:

> **<u>Job 30:19</u> Hy het my in die modder gewerp, en <u>ek het soos stof en as geword.</u>**

Wanneer ons kyk na die woord nommer, sien ons dieselfde woord word gebruik waar Abraham homself as “**waardeloos**” beskryf, naamlik woord nommer **H665.**

**Job 30:19 He hath cast me into the mire, and I am become like dust and ashes.H665**

Dit beteken eenvoudig dat Job, ek wil amper sê – so depressief was, dat hy sy toestand net kon beskryf met "waardeloosheid", wat dieselfde is as Abraham se beskrywing van homself in die voorafgaande gedeelte [Gen. 18:27].

Die woord "as" het dus 'n paar betekenisse in die Bybel. Nog 'n goeie voorbeeld is in die volgende verse:

Eng:

**1Kin 20:38 So the prophet departed, and waited for the king by the way, and disguised himself with ashesH666 upon his face.**
**1Kin 20:41 And he hasted, and took the ashesH666 away from his face; and the king of Israel discerned him that he *was* of the prophets.**

Afr:

**1Kon 20:38 Toe vertrek die profeet en gaan die koning op die pad voorstaan; daarby maak hy homself onkenbaar met 'n verband oor sy oë.**
**1Kon 20:41 Daarop neem hy gou die verband van sy oë af weg en die koning van Israel herken hom, dat hy een van die profete was.**

Die vorige woord nommer was H665, wat die grondwoord vir H666 is. Die Hebreeuse woord is: **"ăphêr"** en die definisie hiervan is: "verband" of "bedekking", soos ons duidelik kan sien vanuit die twee verse bo, veral vanuit die Afrikaanse vertaling.

Dan is daar nog ‘n woord vir ***“ash”*** in die volgende gedeelte:

> **<u>Exo 9:8</u> And the LORD said unto Moses and unto Aaron, Take to you handfuls of <u>ashes<sup>H6368</sup></u> of the furnace, and let Moses sprinkle it toward the heaven in the sight of Pharaoh.**
>
> **<u>Eks 9:8</u> Verder het die HERE aan Moses en Aäron gesê: Neem julle twee hande vol <u>roet</u> uit die oond, en laat Moses dit na die hemel uitstrooi voor die oë van Farao;**

Die Hebreeuse betekenis is “**pîyach**” en in Engels beteken dit “***soot***” of “***ashes***”. Die Afrikaanse aanduiding is natuurlik “**roet**” of “**as**”.

Ons moet onthou dat die vertalers, waarvan sommige baie goeie werk verrig het, ‘n besluit moes neem kragtens watter nommer by watter woorde te plaas, om die korrekte definisie te bepaal. Ons het egter altyd die konteks van die gedeelte, die hoofstuk en spesifieke boek, asook die Bybel as geheel om ons te help verstaan wat die presiese betekenis van die woord is wat gebruik word, soos ons gesien het in die vorige gedeeltes.
Nou dat ons ‘n basiese begrip het m.b.t. sommige van die woorde wat gebruik word, binne konteks van die betrokke gedeelte, sal ons kortliks voortgaan met die vrae en antwoord gedeelte, maar net om saam te vat...

Antwoord asseblief weer hierdie vraag: Het jy al ooit gesoek of fisies die volgende woorde: **“As tot As - Stof tot stof”** in die Bybel gelees?

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| U antwoord? | **JA** | | **NEE** | |

Wel gedaan! "**NEE**" is die regte antwoord, want dit kom glad nie in die Bybel voor nie!

Kom ons maak dit meer interessant...

## Wen R10,000,000 [ZAR]

Indien jy die presiese frase, in Afrikaans [of Engels], in hierdie volgorde kan vind:

“**As tot As**” of **“*Ashes to Ashes*”** in die 1611/1769 *King James* Bybel of in die 1933/53 Ou Afrikaanse Vertaling van die Bybel, sal ek – die skrywer, jou Tien Miljoen Suid-Afrikaanse Rand gee – hoe klink dit?

[Goed, ek moet bieg en erken dat ek nie eers R10 het om weg te gee nie, maar dan weet ek ook vir ‘n feit; die bogenoemde frase word hoegenaamd nêrens is in enige van die bogenoemde Bybels geskryf nie! Daarom kan ek ‘n honderd miljoen of selfs 100 miljard Rand aanbied… ☺]

[Hiérdie boek is twee jare gelede uitgegee en tot vandag toe was daar nie ’n enkele persoon wat my gekontak het oor die Tien Miljoen Rand beloning nie, ek wonder hoekom?]



Wanneer jy 'n begrafnis bywoon en die prediker sê:

**"AS TOT AS"**
of
**"ASHES TO ASHES"**

...vertel die einste prediker dat jy R10 Miljoen Rand aan sy kerk sal skenk, indien hy jou kan wys waar dit in die 1933/53 OAV of die 1611/1769 KJV van die Bybel geskrywe staan.

Staan dan terug en kyk hoe wriemel hy soos 'n paling in 'n nat emmer...

## Beste Bybel?

Vir Engels sprekende mense: **Bestudeer slegs die 1611/1769 *King James* weergawe van die Bybel.**

Vir Afrikaans sprekende mense: **Bestudeer slegs die 1933/53 "Afrikaans Ou Vertaling" Bybel.**

Vermy alle ander Bybels soos die swart runderpes! [Tensy u dit wil bestudeer om te sien hoe dit vervals is met korrupte kerk doktrine, politieke korrektheid en menseregte.]

Geensins beweer ek dat hierdie Bybels 100% akkuraat is nie. Daar is vertaal foute, toevoegings en ook weglatings, maar hierdie Bybels is die beste wat ons tans in ons besit het.

**<u>Hoe toets ek om te sien of ek die "beste Bybel" het?</u>**
Dit is baie maklik; maak u Bybel oop by Handelinge 8 vers 37.
Indien u die "**Beste Bybel**" het, sal die vers soos volg lees:

**<u>Hnd 8:37</u> Toe sê Filippus: <u>As u glo met u hele hart</u>, is dit geoorloof. En hy antwoord en sê: <u>Ek glo dat Jesus Christus die Seun van God is.</u>**

In verdere vertalings, lees die vers soos volg:

**<u>Han 8:37</u>**

**Dis reg – totaal en al uitgelaat!**

Wanneer jy sien dat **Han 8:37** heeltemal uitgelaat is in jou Bybel, moenie bekommerd wees nie, jy kan steeds jou Bybel gebruik... **AS 'n DEURSTOP...!!!**
[…en onthou, dit is slegs een van menige uitgelate of vervalste verse!]

**Indien u oor die internet beskik, kan u gerus gaan kyk na 'n video oor verassing op my webblad, dit sal u help om die boek aansienlik beter te verstaan... soos wat u verder lees.**

Ek moet egter bysê: Die video is eksplisiet, maar wanneer iemand wil veras, moet hulle weet wat verassing behels.

Tik net die volgende op u web-leser in:
**www.pietwilsenach.com/veras.html**

# GAAN JY VERAS?



## 'n GRUWEL wat

# GOD HAAT!




**<u>Deut 12:31</u>**

...want alles wat vir die HERE

**'N GRUWEL IS,
WAT HY HAAT**

het hulle vir hulle gode gedoen;
want selfs

**HULLE SEUNS EN HULLE DOGTERS
VERBRAND HULLE MET VUUR**

vir hulle gode.

**<u>1Kor 6:19</u> Of weet julle nie**

**<u>DAT JULLE LIGGAAM 'N TEMPEL IS VAN
DIE HEILIGE GEES WAT IN JULLE IS,</u>**

**wat julle van God het,**

**<u>EN DAT JULLE NIE AAN
JULSELF BEHOORT NIE?</u>**

# *Hoofstuk 2*

## Vrae en Antwoorde

U is waarskynlik vertroud met die volgende terme:

»***Die Bybel verbied nie verassing eksplisiet nie.***
»***Verassing is nie ‘n sonde nie.***
»***Dit is jou eie keuse om te veras.***

Wat hierdie uitsprake so geloofwaardig maak is, dit ontstaan meestal uit jou kerk predikers, dokters en professore in die teologie. Wel, laat ons sien wat die Bybel te sê het...

Indien jy jouself beskou as gelowige kind van God, wat in die Bybel glo, wat God wil gehoorsaam na die beste van jou vermoë, maar jy of ‘n geliefde oorweeg verassing as jou laaste wens op aarde, voltooi net die volgende vrae en antwoorde. Dit sal jou en jou geliefde[s] beslis ‘n baie goeie aanduiding gee van hoe goed jy God gehoorsaam, met betrekking tot jou laaste wens en testament om jou liggaam te laat veras, nadat jy gesterf het. Dit sal jou help om ‘n baie duidelike onderskeid te tref tussen wat die Bybel sê, en wat jou kerk of Prediker sê.

***<u>Vraag 1</u>***

Is jy bewus daarvan dat God vir Satan tot “as” gaan maak? Dit is waar. Ons lees dit in die volgende teksverse:

**<u>Esg 28:14</u> <u>Jy was ‘n gérub</u> met uitgespreide vlerke wat beskut, en Ek het jou gestel op ‘n heilige berg; ‘n god was jy; jy het gewandel tussen vurige gesteentes.**
**<u>Esg 28:15</u> <u>Jy was volkome in jou weë</u> van die dag af dat jy geskape is, <u>totdat daar ongeregtigheid in jou gevind is.</u>**
**<u>Esg 28:16</u> Weens die grootheid van jou koophandel het hulle jou binneste met geweld gevul, <u>en jy het gesondig;</u>**

**daarom het Ek jou <u>as onheilige van die godeberg afgedrywe</u>, en Ek het jou tussen die vurige gesteentes uit vernietig, o gérub wat beskut!**
**<u>Esg 28:17</u> Hoogmoedig het jou hart geword oor jou skoonheid; jy het jou wysheid verderwe weens jou glans. Ek het jou op die grond gewerp, Ek het jou oorgegee voor die aangesig van konings, dat hulle op jou neer kan sien.**
**<u>Esg 28:18</u> Weens die menigte van jou ongeregtighede, deur die onreg van jou koophandel, het jy jou heiligdomme ontheilig; <u>daarom het Ek 'n vuur uit jou binneste laat uitgaan; dit het jou verteer, en Ek het jou tot as gemaak op die aarde</u> voor die oë van almal wat jou gesien het.**
**<u>Esg 28:19</u> Al jou bekendes onder die volke is ontsteld oor jou; jy het 'n verskrikking geword <u>en sal daar nie meer wees tot in ewigheid nie.</u>**

Let op vers 18, waar God sê dat **HY 'n vuur sal voortbring wat Satan sal verteer en hom [Satan] in "AS" sal verander.**

**Nou** ⇨ Indien jy werklik 'n kind van God is wat glo in die Skrif; sou jy willens en wetens dieselfde lot vir jou kies as wat God vir Satan bestem het?

| Ek sal graag veras wil word, net soos wat God vir Satan bestem het. Ja, ek kies dieselfde lot vir my as Satan se lot! | |
|---|---|
| **JA** | **NEE** |

***<u>Vraag 2</u>***

**Tofet** is 'n plek waar argeoloë letterlik hope kinder-bene opgegrawe het. Hierdie kinders, wat aan die god Molog "geoffer" was, was lewendig verbrand. Van babatjies tot jong kindertjies! God het hierdie plek later **"Moorddal"** genoem weens die

kindertjies wat op so 'n gruwelike wyse daar vermoor was, deur middel van afgodery.

> **<u>Jer 19:5</u> En hulle het die hoogtes van Baäl gebou <u>om hulle seuns met vuur te verbrand as brandoffers aan Baäl—iets wat Ek nie beveel of uitgespreek het nie, of wat in my hart nie opgekom het nie.</u>**
> **<u>Jer 19:6</u> Daarom, kyk, daar kom dae, spreek die HERE, dat hierdie plek <u>nie meer sal genoem word Tofet</u> en die dal van die seun van Hinnom nie, <u>maar Moorddal.</u>**

Let op wat God hier sê, naamlik: dat hierdie praktyk, om kinders met vuur te verbrand, **nooit deur God beveel of uitgespreek is nie en dat dit selfs nooit in God se hart opgekom het nie!**

Ek wil net vir u wys wat "**Tofet**" beteken.

Strong's Hebrew and Greek Dictionaries:
**Tophet – Woord Nommer H8613**
tophteh
*tof-teh'*
***Tophteh*, a place of cremation: Tophet.**

Sien u dit raak?

# "*A Place of Cremation*!"

| Ek wil graag heeltemal teen God se wense gaan en aan myself doen wat nie eers in God se gedagtes opgekom het nie, net soos wat hierdie mense gedoen het! | |
|---|---|
| **JA** | **NEE** |

***Vraag 3***

Die Skrifte bevat 'n magdom teksverse ten-opsigte van hierdie veragtelike gruwel, maar ons kyk slegs na enkeles, net om 'n basiese begrip te kry. [Sien "Veras of Begrawe, wat sê die Bybel?" vir meer informasie.]

> **<u>Esg 16:20</u> Verder het <u>jy jou seuns en jou dogters geneem</u> WAT JY VIR MY GEBAAR HET, <u>en dié aan hulle geoffer om verteer te word. Was dit nie genoeg met jou hoererye nie,</u>**
> **<u>Esg 16:21</u> DAT JY MY KINDERS GESLAG <u>en dié oorgegee het</u> DEURDAT JY HULLE VIR HULLE DEUR DIE VUUR LAAT GAAN HET?**

**<u>LET OP</u>** ⇨ Hierdie mense was nie heidene nie, **hulle was Israeliete** wat met 'n heidense ritueel hulle seuns en dogters verbrand het vir 'n ander "god"...!

Sien u dit raak? God noem dit:

**"HOERERY"**

| Ek wil graag hierdie hoerery deelagtig wees deur my liggaam deur vuur te laat gaan na my dood, om God te ontstel! | |
|---|---|
| **JA** | **NEE** |

***Vraag 4***

> **<u>2Kro 28:3</u> Hy het self ook offerrook in die dal van die seun van Hinnom laat opgaan <u>en sy seuns met vuur verbrand, volgens die gruwels van die nasies</u> wat die HERE voor die kinders van Israel uit verdryf het.**

God verklaar hierdie lykverbranding 'n **"GRUWEL VAN DIE NASIES". Dit is die rede waarom God, slegs in Sy toorn, hierdie gruwel gebruik teen veroordeeldes.**

| Ek wil graag myself laat verbrand met vuur sodat ek kan **MEEMAAK IN DIE GRUWEL** van die nasies, wat God se toorn verwek! | |
|---|---|
| **JA** | **NEE** |

***<u>Vraag 5</u>***

Weereens...

**SO MAG JY NIE HANDEL NIE**
**DIT IS 'n GRUWEL WAT GOD HAAT!**

> **<u>Deu 12:31</u> <u>So mag jy nie handel met die HERE jou God nie; want alles wat vir die HERE 'n gruwel is, wat Hy haat,</u> het hulle vir hulle gode gedoen; <u>want selfs hulle seuns en hulle dogters verbrand hulle met vuur vir hulle gode.</u>**

God sê: "**So mag jy nie handel nie!**" en wat sê die kerk? **Jy mag so handel! Dit is jou keuse; jy is jou eie god.**

| God sê: "**Jy mag nie so handel nie**", maar ek gee nie om nie, ek wil graag in die vuur brand na my afsterwe! Wat God sê, skeel my min. **Dit is my keuse en ek het regte!** | |
|---|---|
| **JA** | **NEE** |

Let nou op na die vers wat direk volg na bogenoemde vers: [sê die vers dat **jy sal doen wat jou Prediker jou beveel om te doen...?**]

> **<u>Deu 12:32</u> Alles wat ek julle beveel, dit <u>moet julle sorgvuldig hou; jy mag daar niks byvoeg en daar niks van weglaat nie.</u>**

**HOU SORGVULDIG <u>ALLES</u> WAT EK JULLE BEVEEL**
**JY MAG NIE <u>WEGLAAT</u> NIE**
**JY MAG NIE <u>BYVOEG</u> NIE**

Wanneer God ons baie eksplisiet beveel dat lykverbranding 'n gruwel is, dat dit hoerery is en dat ons nooit so mag handel nie, dit nooit mag doen nie en ook dat ons hierby niks moet byvoeg of weglaat nie, vra jouself gerus die volgende twee vrae:

- ? ***Mag ons hiertoe byvoeg wat die kerk predikers ons vertel en aanvaar dat die Skrif en selfs onse God, <u>verassing</u> nie verag as 'n gruwel, en dit <u>HAAT</u> nie?***
- ? ***Mag ons daarvan wegneem en sê dat ons nie aan die god Molog veras nie en daarom is verassing nie 'n gruwel volgens die Skrif nie?***

| Ek gee regtig nie om wat God beveel of nie beveel nie, ons lewe in die moderne era en die Bybel, veral die Ou Testament, is lankal nie meer van toepassing op ons nie, dus is dit my wens dat my lyk verbrand word deur vuur! **Ek gee nie 'n bloue duit om wat God te sê het nie!** | |
|---|---|
| **JA** | **NEE** |

***<u>Vraag 6</u>***

Ek wil jou graag herinner aan die volgende baie belangrike gebeurtenis en jou wys wat God se gevoelens behels teenoor hierdie verskriklike gruwel, wat Sy toorn in 'n skrikwekkende wyse opgewek het!

> **<u>Amo 2:1</u> So sê die HERE: Oor drie oortredinge van Moab, ja, oor vier, sal Ek dit nie afwend nie; <u>omdat hy die beendere van die koning van Edom tot kalk [AS] verbrand het.</u>**

**<u>Amo 2:2</u> <u>Daarom sal Ek ‘n vuur slinger in Moab, en dit sal die paleise van Kérijot verteer</u>; en Moab sal met oorlogsrumoer sterwe, met krygsgeskreeu en basuingeskal.**

God is so geskok [met respek gesê] deur die feit dat Moab die beendere van die koning van Edom tot “as” verbrand het, dat God ‘n vuur sal voortbring wat Moab sal verteer as gevolg van hierdie afskuwelike, en gruwelike daad van “**verassing**.”

**Nou** ⇨ Ons moet in gedagte hou dat Edom ‘n ewige vyand van God is. **Wanneer God dan hierdie verskriklike straf oor Moab stuur, wat ‘n vyand van God se beendere tot as verbrand, hoe in hemelsnaam kan ons verassing en lykverbranding goedkeur?**

Lees weer bogenoemde teksverse en vra uself hoe op dees aarde dit moontlik is om te leer dat God geen probleem hoegenaamd het, met **verassing** nie? Dit is ‘n geweldige belangrike openbaring aangaande die gevoel en bevele van ons God, met betrekking tot die **verbranding** en **verassing** van lyke.

| Ek wil baie graag dat God Sy toorn ook oor my uitgiet omdat ek my eie liggaam wil verbrand tot as. [‘n liggaam wat nie eers aan my behoort nie.] | |
|---|---|
| **JA** | **NEE,** |



***Vraag 7***

'n Laaste gedagte sonder 'n vraag...

Wanneer ons kyk na 1 Korintiërs 6 vers 10, sien ons 'n aantal "sondes" wat nie die koninkryk sal beërwe nie. Let op na die heel eerste van die "sondes" wat **HOEREERDERS** is.

> **1Kor 6:10 Moenie dwaal nie! Geen hoereerders of afgodedienaars of egbrekers of wellustelinge of sodomiete of diewe of gierigaards of dronkaards of kwaadsprekers of rowers sal die koninkryk van God beërwe nie.**

Ons het in vandag se moderne era 'n redelike wanbegrip van wat presies 'n **hoereerder** is. Kyk byvoorbeeld na die derde "sonde" in dieselfde vers wat "**EGBREKERS**" is. Vra uself of egbrekers en hoereerders een en dieselfde sonde is. Indien wel, hoekom dan die herhaling? Indien nie, wil ek weer u aandag vestig daarop wat God lykverbranding [verassing] noem:

> **Esg 16:20 Verder het jy jou seuns en jou dogters geneem wat jy vir My gebaar het, en dié aan hulle geoffer om verteer te word. Was dit nie genoeg met jou HOERERYE nie,**
> **Esg 16:21 dat jy my kinders geslag en dié oorgegee het deurdat jy hulle vir hulle deur die vuur laat gaan het?**

Ja, God noem dit **HOERERY!**

Nou moet u maar self besluit of hierdie "**hoerery**" deel is -of nie deel is, van die eerste sonde wat in 1 Korintiërs 6 vers 10 gegee word, wat nie die koninkryk sal beërwe nie.

Indien jy "**JA**" geantwoord het op enige van die bogenoemde vrae, kan jy voortgaan met jou besluit om veras te word, maar wees baie bewus van die feit dat jy Sy wil sal verontagsaam in elke sin van hierdie **AFSTOOTLIKE, GRUWELIKE DAAD** wat HY **HOERERY** noem! Sterkte; jy hoef regtig nie eers die res van die boek te lees nie...




# JOU LIGGAAM HOORT NIE HIER NIE!



**1Kor 3:17**

**As iemand die tempel**
**VAN GOD SKEND,**
**SAL GOD HOM SKEND;**
**want die tempel van God is heilig,**
**en dit is julle.**

**1Kor 6:19**

**Of weet julle nie**
**DAT JULLE LIGGAAM 'N TEMPEL**
**is van die Heilige Gees wat in julle is,**
**wat julle van God het,**
**EN DAT JULLE NIE**
**AAN JULSELF BEHOORT NIE?**



# *Hoofstuk 3*

## Bene verander nie in "AS" nie

Een van die grootste mistastinge wat algemeen aanvaar word is die volgende:
Almal praat van **"verassing"** en almal glo dat daar slegs "**as**" oorbly na dié sogenaamde verassing. Niks kan verder van die waarheid wees nie. Wat gebeur is - **Die liggaam VERDAMP [*VAPORIZE*] met die geweldige hitte.** Daar is 'n tweede "brand kamer" wat die "liggaamsdeeltjie's" verbrand en verteer, wat in hierdie "kamer" vasgevang word. Dit beteken, **daar bly amper niks oor nie, alles disintegreer en verdamp ast'ware.**

Wanneer die lyk tot niet is [na die verassing], word alles saam gehark, nadat die verbrandings kamers afgekoel het natuurlik, en in 'n houer gegooi. Hierdie "oorblyfsels" is, raai... **BENE!** Die bene word nie tot "as" verbrand nie; ek herhaal: **Die bene word nie tot AS verbrand nie.** Dit verdroog, versplinter en sommige bene spat selfs uitmekaar van die hitte, **maar dit verander nie in "as" nie.** Daar is ook nie "as" om van te praat nie. Die bene word dan in 'n groot masjien gegooi, nadat alle metale soos juweliersware, tand stopsels, skroewe ensovoorts verwyder is. Hierdie masjien word 'n "***cremulator***" genoem. Beide die Afrikaanse sowel as Engelse woordeboeke bevat nog nie eers hierdie woord nie. Selfs die "as" word nie "***RE-mains***" genoem nie, maar "***CRE-mains***". Die "***cremulator***" is maar net 'n helse sterk "***blender***" op steroids wat skrik vir niks, behalwe vir... raai? ⇨ **TITANIUM!**

Gaan kyk gerus op die video hoe die kopbeen en ander bene inmekaargeslaan word met metaal ysters:
**www.pietwilsenach.com/veras.html**

Die bene word in hierdie masjien gegooi en gemaal tot ‘n fyn stof, met ‘n growwerige tekstuur. Hiérdie “**as**” word aan die geliefdes oorhandig as die afgestorwene se “**as**”. Die ontnugtering is: Dit is nie jou geliefde se **as** nie, **dit is jou geliefde se bene wat in ‘n industriële *blender* pap gemaal is soos vrugtesap!** Ons gaan strooi dan, soos ouma beveel het, haar “assies” op die plaas of in die see, of sit dit op die kaggel neer. **Dit is egter ouma se bene wat so verbreek, verkrummel en verkrag is, nie haar “assies” nie!**

Hier is ‘n foto van ‘n hond se “as” wat ek geneem het. Die as is in ‘n plastiek sakkie, maar u kan duidelik sien dat dit nie “as” is nie, maar stukke been wat vermaal is. Let verder op dat die bene oorheersend spierwit is, met slegs ‘n vaal kolletjie hier en daar.



Ek vertrou u kan sien dat hierdie sogenaamde “as”, **nie “as” is nie, maar vergruisde bene**, selfs met ‘n wit en swart foto is dit sigbaar.

Behalwe vir die moontlike juweliersware en tande stopsels is daar nog 'n paar items wat agterbly na die kremasie voltooi is. Daar is natuurlik plate en skroewe wat tydens operasies gebruik was om bene te heg ens. Die belangrikste hiervan kragtens ons studie is die heupvervanging. Die prostese word uit 'n staal vervaardig naamlik... raai.... **TITANIUM.** Die Titanium heup bly ongeskonde agter. Daar is natuurlik, soos met enige voorwerp wat verbrand, 'n paar swart koolstof merkies op, maar dit is al.

Nou kom die groot vraag. As Titanium eers begin smelt by 1670°C, hoekom is die bene nog teenwoordig en nie tot "**as**" of stof verbrand nie? Is dit omdat die "verpoeiering" van bene by min of meer dieselfde of selfs hoër temperature plaasvind? Temperature wat so hoog is dat die kremasie oond dit nie kan hanteer nie? Ek dink die bewyse is voor die hand liggend.

## Die BEEN – Ongelooflik Belangrik!

Ons kyk volgende na die **"bene"** en die geweldige belangrike konnotasie wat aan die mens se beendere geheg word. Dit was vir my 'n openbaring om **die absolute waarde van die been, na die dood**, in die Skrif te ontdek. Ons kyk vlugtig na 'n paar voorbeelde...

U behoort nou bewus te wees van die feit dat die oorblyfsels na 'n verassing nie, **"as"** is nie, maar **bene**. Om die been oorblyfsels "as" te noem, is 'n blatante leuen omdat daar feitlik geen "as" oorbly nie! Dit is die **bene wat vermaal en vergruis word**, wat dan bekend staan as die afgestorwene se "**as**". Hou dit asseblief in gedagte wanneer ons deur die volgende skrifgedeeltes werk.

> **Efs 5:30 Want ons is lede van sy liggaam, van sy vlees en van sy bene.**

Ek wil nie hierop uitbrei nie, maar ons is letterlik die geslag van God, net soos die Skrif verklaar: "**Vlees van Sy vlees en been van Sy been**". [Let wel dat nie alles wat op twee bene loop die geslag van God is nie!]

> **<u>Gén 2:23</u> Toe sê die mens: <u>Dit is nou eindelik been van my gebeente en vlees van my vlees</u>. Sy sal mannin genoem word, want sy is uit die man geneem.**

Net soos Adam se been en vlees deel is van die Been en die Vlees van God, so ook is Eva se been en vlees deel van Adam se vlees en been.

> **<u>Psa 35:10</u> <u>Al my beendere sal sê: HERE, wie is soos U</u>? U wat die ellendige red van die wat sterker is as hy; ja, die ellendige en behoeftige van sy berower!**

> **<u>Psa 141:7</u> Soos 'n mens in die aarde vore en skeure trek, is ons <u>beendere</u> gestrooi by die mond van die doderyk.**

Ons **BENE**, is gestrooi by die doderyk, nie ons "**AS**" nie!

> **<u>Esg 6:4</u> en julle altare sal verwoes en julle sonpilare verbreek word; en Ek sal die wat uit julle verslaan is, neerwerp voor julle drekgode;**
> **<u>Esg 6:5</u> en Ek sal die lyke van die kinders van Israel voor hulle drekgode werp <u>en julle beendere rondom julle altare strooi.</u>**
> **<u>Esg 6:6</u> In al julle woonplekke sal die stede verwoes en die hoogtes 'n wildernis word, <u>sodat julle altare woes en eensaam sal wees, en julle drekgode verbreek sal word en verdwyn, en julle sonpilare omgekap en julle werke vernietig sal word.</u>**

“**Altare**” verwys na “**son-pilare**” en “**KLIPPILARE**,” wat deur die oorgrootte meerderheid van kerke gebruik word! Dit is blatante heidendom en afgodery; sonder dat die lidmaat van die kerk ooit tot die waarheid van kennis kom, die waarheid aangaande hierdie voorwerpe en simbole, oop en bloot weggesteek voor hulle oë! Dit is **“falliese”** simbole wat dikwels gebruik word as kerktorings om aan te dui dat dit ‘n kerkgebou is.



God verklaar dat Hy hierdie **klippilare sal breek en stukkend slaan.** Hierdie einste “heilige boomstamme” van afgodery - [falliese simbole van heidense “afgode”].

> **<u>2Kon 17:10</u> <u>En hulle het vir hul klippilare en heilige boomstamme opgerig</u> op elke hoë heuwel en onder elke groen boom.**

**<u>Esg 26:11</u> Hy sal met die hoewe van sy perde al jou strate vertrap; jou mense sal hy met die swaard doodmaak, <u>en jou trotse klippilare sal op die grond val.</u>**
**<u>Hos 10:1</u> Israel was 'n weelderig uitbottende wynstok wat sy vrug voortgebring het; hoe meer vrug hy gedra het, <u>des te meer altare het hy gebou; hoe beter dit met sy land gesteld was, des te beter het hy die klippilare gemaak.</u>**
**<u>Hos 10:2</u> <u>Vals is hulle hart</u>; nou sal hulle daarvoor boet; <u>Hy sal hulle altare stukkend breek, hulle klippilare verwoes.</u>**

**<u>Mig 5:12</u> <u>En Ek sal uit jou midde uitroei jou gesnede beelde en jou klippilare</u>, sodat jy jou nie meer voor die werk van jou hande sal neerbuig nie.**

Indien u nie seker is wat 'n "falliese" simbool verteenwoordig nie... hier is 'n foto wat u 'n baie goeie idee behoort te gee, omdat ek nie in hierdie boek dit by die naam kan noem nie!



**Ons gaan voort...**

> **<u>Esg 39:15</u> en sien een van hulle wat deur die land trek, <u>'n mensebeen, dan rig hy daarby 'n merkteken op, totdat die begrawers dit begrawe het</u> in die dal van Gog se menigte.**

Daar kan geen twyfel bestaan kragtens die belangrikheid van die beendere van die dooies, wanneer ons op bogenoemde vers let nie. Hoekom word die bene doodeenvoudig nie met rus gelaat nie? Met alles in ag genome, het die persoon wat die beendere ontdek het, niks met die bene te doen nie. Hierdie "mense wat die land deurtrek" is egter ten volle bewus van wat die Skrif vereis m.b.t. mens beendere, daarom het hulle die bene gemerk en later begrawe. Anders as ons vandag, wat die bene maal en dit in fyn klein stukkies kap en dit dan in die wind strooi! Maak geen fout nie, selfs as ons hierdie fyngekapte bene in 'n sogenaamde "gedenkmuur" berg, is dit steeds dieselfde ding. Jou bene was vergruis en wat erger is, meer as die helfte van jou bene lê in 'n gat iewers saam met honde en kat -bene agter die krematorium!

> **<u>Gén 50:24</u> En Josef het aan sy broers gesê: Ek gaan sterwe, maar God sal gewis op julle ag gee en julle uit hierdie land laat optrek na die land wat Hy aan Abraham, Isak en Jakob met 'n eed beloof het.**

Josef besef hy gaan sterf. Wat is een van die belangrikste wense na sy dood? So erg **dat hy sy broers laat sweer** dat hulle Josef se nadoodse wens sal eerbiedig, en dit tot uitvoer bring! Hulle moet sy gebeente nie in Egipte begrawe nie, maar saam met hulle neem en in die "familie" begraafplaas gaan begrawe.

> **<u>Gén 50:25</u> En Josef het die <u>seuns van Israel laat sweer</u> en gesê: As God sekerlik op julle ag sal gee—<u>bring dan my gebeente</u> hiervandaan op.**

U sal onthou dat Moses in Egipte gebore was, opgegroei het in die koningshuis, en daarna moes vlug omdat hy ‘n Egiptenaar doodgeslaan en begrawe het. Hierna het Moses die Israeliete uit Egipte gelei en hulle het ten minste veertig jaar in die woestyn rondgetrek. Hierby moet ons onthou dat Moses vir ten minste veertig jaar ast’ware weggekruip het, nadat hy moes vlug omdat hy die Egiptenaar doodgeslaan het. Na hierdie veertig jaar het hy die brandende doringbos gesien.
Berekeninge toon aan dat ± 180 jaar verstryk het tussen die dood van Josef en die dood van Moses.

Moses was ± 40 jaar toe hy uit Egipte gevlug het.
Hy was ± 40 jaar in die omgewing van Midian.
Hy was ± 80 jaar oud toe hy die Israeliete uit Egipte gelei het.
Die Israeliete was ± 40 jaar in die woestyn.
Moses was 120 jaar oud toe hy gesterf het.

> **Deu 34:7 En Moses was honderd en-twintig jaar oud toe hy gesterf het; sy oog was nie verswak nie, en sy krag het nie vergaan nie.**

Alhoewel dit ‘n skatting is, is die minimum aantal jare wat dit geneem het om Josef se beendere te ruste lê, soos wat Josef sy broers laat sweer het hulle sal doen, ongeveer 100 jaar. Josef se bene is selfs vir veertig jaar lank deur die woestyn-trek van die Israeliete rondgedra, totdat hulle Josef se wens kon uitvoer. Moses het self hierdie opdrag aan die Israeliete oorgegee en gesorg dat Josef se laaste “testament” uitgevoer word, naamlik hoe daar met sy oorskot gehandel moes word.

> **<u>Eks 13:19</u> En <u>Moses het die gebeente van Josef met hom saamgeneem</u>; want hy het <u>die kinders van Israel plegtig laat sweer</u> en gesê: God sal eindelik op julle ag gee; bring dan my gebeente saam met julle hiervandaan op.**

Dit was so 'n geweldig belangrike saak vir Moses, dat hy die kinders van Israel **laat sweer het** en hulle ook gewaarsku het dat God hulle sekerlik sal besoek, as hulle nie hierdie taak volbring nie. Só is Josef se beendere eindelik tot ruste gelê, saam met sy pa [Jakob] se bene, by die familie graf. Dit is so 'n belangrike gebeurtenis dat dit selfs herhaal word in die Nuwe Testament, spesifiek sodat ons nie die belangrikheid van hierdie gebeurtenis misloop nie.

> **<u>Jos 24:32</u> <u>Ook die gebeente van Josef wat die kinders van Israel uit Egipte saamgebring het, het hulle begrawe</u> in Sigem, op die stuk grond wat Jakob van die kinders van Hemor, die vader van Sigem, vir honderd geldstukke gekoop het, en wat die kinders van Josef as erfdeel ontvang het.**

> **<u>Heb 11:22</u> Deur die geloof het Josef aan die einde van sy lewe melding gemaak van die uittog van die kinders van Israel <u>en bevel gegee aangaande sy gebeente.</u>**

Hierdie liewe leser, is 'n gepaste geleentheid om uself 'n verskriklike belangrike vraag te vra. Met oorweging van die bogenoemde gebeure, en indien u glo dat die Woord van God deur God geïnspireer is, en dat die **HELE SKRIF** nuttig is vir teregwysing en onderwysing; hoe in sewe blou brandende duiwels kan dit geregverdig word om die bene van 'n geliefde te neem, **nadat die liggaam tot in die vergetelheid verbrand is, die bene te maal en vermorsel tot 'n growwe poeier?** Jy moet 'n besluit neem! Óf jy glo **DIE HELE SKRIF** is nuttig vir teregwysing en onderwysing, of jy glo dat ons die Skrif moet

lees soos Rooikappie, in vergelyking met ons "**nuwerwetse menseregte**", "**voorkeure en afkeure!**"

> **<u>2Tim 3:16</u> <u>Die hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwysing, tot onderwysing in die geregtigheid,</u>**
> **<u>2Tim 3:17</u> <u>sodat die mens van God volkome kan wees,</u> vir elke goeie werk volkome toegerus.**

Kan u verstaan hoe belangrik die beendere is? Om iemand se gebeente vir 40 jaar in 'n woestyn rond te karwei kan nie 'n plesierige affêre wees nie, maar hierdie mense het dit gedoen, juis omdat die bene so belangrik is. Nee liewe leser, dit is onteenseglik duidelik dat **ons beendere, nie dieselfde as 'n hoender been** is wat 'n mens in die asblik weggooi nie, en veel minder om dit tot 'n fyn "as" te vermaal.

Die gebeente is so waardevol, belangrik en van allerhoogste waarde, dat dit selfs 'n dooie laat opstaan het, toe die ontslape lyk in aanraking met Elísa se doodsbeendere gekom het!

> **<u>2Kon 13:20</u> Daarna <u>het Elísa gesterwe, en hulle het hom begrawe.</u> En die bendes van die Moabiete het die land ingekom met die ingang van die jaar.**
> **<u>2Kon 13:21</u> <u>En terwyl hulle besig was om 'n man te begrawe,</u> sien hulle meteens die bende; daarom het hulle die man in die graf van Elísa gegooi; <u>en toe die man met die gebeente van Elísa in aanraking kom, het hy lewendig geword en opgestaan op sy voete.</u>**

[Hier moet ek dit pertinent en baie duidelik stel hierdie nie die geval is met alle menslike beendere nie! Die feit is dat die Skrif nie hierdie leering of doktrine verkondig nie. Moet asseblief nie 'n nuwe kerk of leerstelling gaan stig waar mense hulself vryf

met doodsbeendere op Sondae nie! – of Saterdae vir die ander. ☺]

Ons Skepper is bewus van ons gebeente, nog voordat ons gebore word!

> **Psa 139:15 My gebeente was vir U nie verborge toe ek in die geheim gemaak is nie, kunstig geweef in die dieptes van die aarde.**

Hieronder sien ons dat die bene nie verroer mag word nie. Is dit ‘n weerspreking omdat Josef se beendere vir soveel jare deur die woestyn gekarwei was? Nee, inteendeel die bene moet juis verroer word totdat dit op die regte plek, op die regte metode, volgens die Skrif, tot ruste gelê word. Daarna mag dit nie weer verroer word nie.

> **2Kon 23:18 Daarop sê hy: Laat hom met rus, laat niemand sy bene verroer nie. En hulle het sy bene met die bene van die profeet wat uit Samaría gekom het, met rus gelaat.**

Kan u die gebruik onthou dat die Romeinse soldate iemand aan die kruis se bene moes breek [stukkend slaan] om die persoon vinniger te laat sterf? Dit was as gevolg van die reël dat iemand wat aan ‘n paal opgehang is, nie aan die paal mag oornag nie. Onthou u toe die Romeinse soldaat by Jésua [Jesus] kom, toe vind die soldaat dat Jésua reeds gesterf het? Die rede hiervoor was ook om profesie te vervul, naamlik: “**geen been van die Lam mag gebreek word nie**”. Hier volg ‘n paar verse in dié verband.

> **Psa 34:21 Sjin. Hy bewaar al sy bene: nie een daarvan word gebreek nie.**

**<u>Eks 12:5</u> Julle moet '<u>n lam hê sonder gebrek</u>, 'n jaaroud rammetjie. Van die skape of van die bokke kan julle dit neem.**

**<u>Joh 19:31</u> <u>En dat die liggame nie op die sabbat aan die kruis sou bly nie</u>, aangesien dit die voorbereiding was—want die dag van daardie sabbat was groot—het die Jode Pilatus gevra dat hulle bene gebreek en hulle weggeneem moes word.**
**<u>Joh 19:32</u> Die soldate het toe gekom <u>en die bene van die eerste een gebreek</u> en van die ander een wat saam met Hom gekruisig was;**
**<u>Joh 19:33</u> maar toe hulle by Jesus kom en sien dat Hy al dood was, <u>het hulle sy bene nie gebreek nie.</u>**

**<u>Joh 19:36</u> Want hierdie dinge het gebeur, dat die Skrif vervul sou word: <u>Geen been van Hom sal gebreek word nie.</u>**

Ons kan dus, vanuit die Skrif baie duidelik waarneem dat die **BEEN** uiters belangrik is. Of dit simbolies is of nie, die beendere het 'n daadwerklike, onbetwisbare waarde en betekenis. Hoe dit ook al sy, hoe u ook al die Skrif wil interpreteer, die belangrikheid van die [Adamitiese] **been kan nie weggeredeneer word nie!** As doodsbeendere vir 40 jaar deur 'n woestyn rondgedra word en daar mag nie eers 'n been gebreek word nie, selfs van die offer- Pasga lammetjie, en ons neem hierdie bene en verbreek en vermaal dit in 'n industriële versapper tot stoflike krummels, moet ons die volgende vraag vra:

**Hoe op dees aarde kan dit versoenbaar wees met die Skrifte? Dit kan onmoontlik nie**!

## Ons Bene

Dit is net hier waar dinge baie interessant en insiggewend raak. Let op dat ons nie uit 'n as-flessie sal spring of dat God die "assies" sal opwek nie, maar die beendere, vanuit die grafte!

> **<u>Esg 37:12</u> Daarom, profeteer en sê aan hulle: So spreek die Here HERE: Kyk, <u>Ek sal julle grafte oopmaak en julle uit jul grafte laat opkom, o my volk!</u> En Ek sal julle bring in die land van Israel.**
> **<u>Esg 37:13</u> En julle sal weet dat Ek die HERE is <u>as Ek julle grafte oopmaak en julle uit jul grafte laat opkom</u>, o my volk!**
> **<u>Esg 37:14</u> En Ek sal <u>my Gees in julle gee, dat julle lewendig kan word;</u> en Ek sal julle vestig in jul land; en julle sal weet dat Ek, die HERE, dit gespreek en gedoen het, spreek die HERE.**

Wat staan hierbo geskrywe?

Almal wat **IN DIE GRAFTE IS**, sal Sy stem hoor. **LYKE** sal opstaan, nie stoflike "as" of fyn gemaalde bene nie! Sal hulle opgewek word **VANUIT** grafte of vanuit **AS-FLESSIES?** Ek besef dat sommige lesers op hierdie stadium mag dink dat ons te veel op die Ou Testament steun. Gee kans, ons gaan ook in die Nuwe Testament delf, maar kom ons kyk vlugtig na enkele teksverse...

> **<u>Joh 5:28</u> Moenie julle hieroor verwonder nie. Want daar kom 'n uur wanneer <u>almal wat in die grafte is, sy stem sal hoor</u>**
> **<u>Joh 5:29</u> en sal uitgaan, die wat goed gedoen het, <u>tot die opstanding van die lewe</u>, en die wat kwaad gedoen het, tot die <u>opstanding van die veroordeling</u>.**

**<u>LET OP</u> ⇨**
Nuwe Testament: **-** Jésua se eie woorde:
**ALMAL IN DIE GRAFTE** sal Sy stem hoor.

**<u>LET OP</u> ⇨**
Nie verstrooide assies of vergruisde beendere nie!

**<u>LET OP</u> ⇨**
**MY LYKE** sal opstaan...
Hulle wat **IN DIE STOF WOON**...
Nie hulle wat "**AS**" is nie!

> **<u>Jes 26:19</u> U dode sal herlewe, <u>my lyke sal opstaan.</u> Waak op en jubel, <u>julle wat in die stof woon!</u> Want u dou is 'n dou van die lig, en die aarde sal aan skimme die lewenslig skenk.**

Hier volg 'n uitgebreide gedeelte m.b.t. die opstanding. Let op na **die beendere wat lewendig word, wat vlees, senings, vel en ook 'n gees ontvang.** Sommige sal uit die grafte kom sowel as die dor bene wat in die laagte lê. Let verder daarop **dat hier geensins melding gemaak word van "stof" of "as" of "vergruisde" bene nie.** Wanneer u die volgende verse lees, vra uself die volgende vraag:
**Hoe op dees aarde kan dit versoenbaar wees met "as" of bene wat vergruis en vermaal word t.o.v. lykverbranding?**

> **<u>Esg 37:1</u> Die hand van die HERE was op my, en Hy het my uitgebring deur die Gees van die HERE en my neergesit <u>in die laagte; en dit was vol bene.</u>**
> **<u>Esg 37:2</u> En Hy het my by hulle laat verbygaan na alle kante toe; en kyk, daar het 'n groot menigte oor die laagte gelê, en kyk, hulle was baie dor.**
> **<u>Esg 37:3</u> Toe sê Hy vir my: Mensekind, kan hierdie bene lewendig word? En ek antwoord: Here HERE, U weet dit.**
> **<u>Esg 37:4</u> Daarop sê Hy vir my: Profeteer oor hierdie bene en sê vir hulle: Dor bene, hoor die woord van die HERE!**
> **<u>Esg 37:5</u> So spreek die Here HERE tot hierdie bene: Kyk, Ek bring gees in julle in, sodat julle lewendig kan word.**

**<u>Esg 37:6</u> En Ek sal senings op julle lê en vlees oor julle laat opkom en 'n vel oor julle trek en gees in julle gee, sodat julle lewendig kan word; en julle sal weet dat Ek die HERE is.**
**<u>Esg 37:7</u> Toe het ek geprofeteer soos my beveel was. En sodra ek geprofeteer het, was daar 'n geruis, en kyk—'n beroering! <u>En die bene het nader gekom, elke been na sy been.</u>**
**<u>Esg 37:8</u> Toe kyk ek en—<u>daar was senings op hulle, en daar het vlees op gekom, en 'n vel is bo-oor hulle getrek,</u> maar daar was geen gees in hulle nie.**
**<u>Esg 37:9</u> Daarop sê Hy vir my: Profeteer tot die gees, profeteer, mensekind, en sê aan die gees: So spreek die Here HERE: Kom aan uit die vier windstreke<u>, o gees, en blaas in hierdie dooies, dat hulle lewendig kan word.</u>**
**<u>Esg 37:10</u> En ek het geprofeteer soos Hy my beveel het. Toe het die gees in hulle gekom, <u>en hulle het lewendig geword en op hulle voete gaan staan</u>—'n ontsaglike groot leër!**
**<u>Esg 37:11</u> Toe sê Hy vir my: <u>Mensekind, hierdie bene is die hele huis van Israel.</u> Kyk, hulle sê: <u>Ons bene is verdor,</u> en ons verwagting is verlore; dit is klaar met ons!**
**<u>Esg 37:12</u> Daarom, profeteer en sê aan hulle: So spreek die Here HERE: Kyk, <u>Ek sal julle grafte oopmaak en julle uit jul grafte laat opkom, o my volk!</u> En Ek sal julle bring in die land van Israel.**
**<u>Esg 37:13</u> En julle sal weet dat Ek die HERE is as Ek julle grafte oopmaak en julle uit jul grafte laat opkom, o my volk!**
**<u>Esg 37:14</u> <u>En Ek sal my Gees in julle gee</u>, dat julle lewendig kan word; en Ek sal julle vestig in jul land; en julle sal weet dat Ek, die HERE, dit gespreek en gedoen het, spreek die HERE.**

Daar is sommige bronne wat beweer dat mense hulself laat veras het, juis omdat hulle vas geglo het dat hulle op dié manier, die opstanding kan vryspring. Ek sou aanvoer dat dié praktyk, juis sy ontstaan gehad het by hierdie gedeelte in die Skrif. Geen

bene, geen opstanding! Dit is egter nie waar nie, of is dit? Ons kyk later hierna.

Weereens: **LYKE sal opstaan** – die wat in die stof woon.

> **Jes 26:19 U dode sal herlewe, my lyke sal opstaan. Waak op en jubel, julle wat in die stof woon! Want u dou is 'n dou van die lig, en die aarde sal aan skimme die lewenslig skenk.**

Die KJV gee 'n beter beskrywing – "**die dooies sal uit die aarde opkom**" **–** "met my dooie liggaam sal hulle ontwaak"

> **Isa 26:19 Thy dead men shall live, together with my dead body shall they arise. Awake and sing, ye that dwell in dust: for thy dew is as the dew of herbs, and the earth shall cast out the dead.**

Die teks praat ook van "julle wat in die stof woon". Nou sal een of ander slim teologiese professor moontlik beweer dat hierdie stof op die "as" van die "verassing" [lykverbranding] kan dui en... siedaar! Daar is niks verkeerd met verassing nie!
Let egter op wat daar geskrywe staan: "julle wat in die stof woon" en nie julle wat "**as-stoffies**" is nie. Waar die Woord van die dooies praat, word hierdie stelling baie gebruik naamlik; die ontslapenes wat in die stof woon of slaap. Dit verwys na die LYKE IN DIE AARDE, **NIE DIE WAT VERAS IS NIE!**

Om alle onduidelikheid in hierdie verband uit te skakel, kyk ons na die volgende vers as 'n baie goeie, onbetwisbare voorbeeld.

> **Dan 12:2 En baie van die wat in die stof van die aarde slaap, sal ontwaak, sommige tot die ewige lewe en sommige tot groot smaadheid, vir ewig afgryslik.**

Die wat **IN DIE STOF SLAAP SAL ONTWAAK**, nie die wie se bene tot stof-assies vermaal is nie! [Onthou dat ons wel "stof" is – selfs terwyl ons nog in die lewe is – sien Gen. 3:19]

## Grond Begrafnis – Ouderwetse Tegnologie

Kom ons wees nou eerlik met mekaar en maak die stelling wat menige sal maak naamlik:
"Die tradisionele grond begrafnis is oudmodies, outydse tegnologie, en uitgedien in die moderne era."

Hierdie vals argument word bevorder as volg:
"Sou verassings-tegnologie beskikbaar gewees het in Bybelse tye, sou die Israeliete moontlik ook daarvan gebruik gemaak het".

Ek herinner u daaraan dat ons reeds 'n magdom gevalle in die Skrif aangehaal het waar die volgende in duidelike taal verduidelik word:

- ✓***Lykverbranding.***
- ✓***Bene tot kalk [as] verbrand.***
- ✓***Bene wat vermaal was.***
- ✓***Bene uit grafte gehaal en verbrand word.***

**Let op ⇨ God beveel ons om niks met hierdie praktyke te doen te hê nie, omdat dit <u>HOERERY</u> en <u>HEIDENS</u> is!**

Die vyeboom bot...

## Die "Tri-State" Krematorium Insident

Die Tri-State Krematorium[a] is [was] geleë in die noordweste van die staat Georgia, in die VSA. Gedurende 2002 was hierdie krematorium se doen en late ondersoek; wat opgevolg het tot beide die likwidasie van die krematorium, sowel as kriminele aanklagte teen die eienaars. Tommy Marsh het die besigheid in die middel 1970's gevestig, juis om 'n leemte in die "verassing" mark in daardie gebied te vul. In 1996 neem Tommy se seun, Ray Brent Marsh, die operasionele bestuur oor omdat sy pa, [Tommy] se gesondheid aan die kwyn was.
'n Vragmotor bestuurder wat gas afgelewer het by die krematorium het onraad vermoed en die polisie ontbied. Hy het beweer dat hy dooie liggame op die landgoed van die krematorium gesien het. Die "*Walker County Sheriff's Departement*" was twee keer verwittig van hierdie aantygings, maar met hul besoeke aan die landgoed het hulle niks ongerymd opgemerk nie. Op 15 Februarie 2002 het die "*Environmental Protection Agency*" ondersoek ingestel, met die aanvanklike bevindings soos volg:

***[Weereens miskien nie vir sensitiewe "lesers" nie, maar wanneer jy beoog om hierdie heidense gebruik jou eie te maak, moet jy ook bewus wees van die ongerymdhede wat daarmee gepaard gaan.***]

Met die aanvanklike inspeksie vind die ondersoekspan 'n menslike skedel en 'n paar menslike bene op die perseel. Na verdere ondersoek vind die inspekteurs 'n magdom dooie liggame wat letterlik bo-op mekaar gestapel lê en verrot binne in pakhuise, groot kluis-agtige kamers, en oral op die werf van die krematorium rondgestrooi.

---

[a] Sien "Veras of Begrawe, wat sê die Bybel?" Deur Piet Wilsenach

Tussen 1996 en 2002 was meer as 2000 lyke na dié krematorium gestuur vir verassing. Die ondersoek span het altesaam **339 lyke op die perseel opgespoor wat nie veras was nie.** ‘n “Federale Ramp Eenheid” was ontbied met ‘n “mobiele lykshuis” om te kom “skoon maak”. Die lyke moes geïdentifiseer word, maar dit was ‘n moeilike taak **weens die gevorderde stadium van ontbinding by meeste van die liggame. Al wat oor was van baie van die liggame was die blote skelet.** Dit het die gevolg gehad dat slegs 226 lyke positief uitgeken was van die oorspronklike 339 liggame. DNA toetse was ingespan waar die afgestorwenes nog lewende familie lede gehad het, maar die res kon nie uitgeken word nie.

Op die aanklag m.b.t. die 339 liggame uit 2000 wat nie veras was nie, het Ray Brent Marsh aangevoer dat die “*retort*” [verassing-oond] buite werking was. Die oond is egter getoets en alhoewel daar sekere foute was het die inspekteurs bevind dat dit wel in werkende toestand was. **Ten spyte hiervan was 339 liggame half begrawe, in stoorkamers opmekaar gepak om te lê en verrot, en tussen die bosse op die perseel, summier “weggegooi”.**

Die volgende groot en belangrike logiese vraag is:
**Wat het die agtergeblewenes in hul “as flessies” gekry?**

Wag daarvoor... **‘n Mengsel van houtstof en sement!**

Ray Brent Marsh was gearresteer en met 787 aanklagte teen hom het hy ‘n moontlike 1000 jaar [eenduisend jaar] tronkstraf in die gesig gestaar.

Hier kom die groot ***SURPRISE!*** U het in hierdie boek gelees hoe belangrik die “dooie” liggaam is en hoe daar met dié liggaam gehandel moet word. U het gelees hoe verskriklik belangrik die

doodsbeendere is en hoe daar met die beendere gehandel was [moet word] en ons lees selfs dat die aartsengel **Mígael in 'n woordestryd was met Satan oor die liggaam van Moses…**

> **<u>Jud 1:9</u> <u>Maar toe Mígael, die aartsengel, met die duiwel in woordestryd was oor die liggaam van Moses,</u> het hy geen oordeel van lastering durf uitspreek nie, maar het gesê: Die Here bestraf jou!**

Ray Brent Marsh se verdediging vra toe die volgende vraag in die hof:

> ***"...whether a human corpse had any pecuniary value."***

M.a.w. "Het die dooie liggaam enige finansiële waarde?"

Die antwoord:

> ***"The traditional common law holding is that a corpse does not have pecuniary value"***

"***Pecuniary***" beteken "finansiële waarde". Dus was die uitspraak: "...'n lyk het geen geldelike waarde nie."

Marsh het 12 jaar tronkstraf gekry, met tyd af vir dit wat hy reeds in aanhouding was. Baie interessant is Marsh se antwoord op die vraag: "sou dit nie makliker gewees het om maar net die lyke te veras nie?" Sy antwoord:

> ***"To those of you who may have come here today looking for answers, I cannot give you."***

Vyf jaar na die insident het Marsh se regsverteenwoordigers aangevoer dat beide Marsh en sy pa, aan Mercury vergiftiging ly, blykbaar te wyte aan 'n foutiewe filtreer stelsel by die krematorium. [Mercury is een van die newe produkte by verassings].

Daar was natuurlik ‘n magdom siviele eise teen die krematorium ingestel, maar die finale resultaat was dat die perseel nooit weer mag opereer as ‘n besigheid nie, om sodoende **as finale rusplek te dien vir die afgestorwenes <u>waarmee daar op hierdie walglike wyse gehandel was.</u>**

Wel, ons kan dankbaar wees dit gebeur nie in ons wonderlike reënboog land, Suid Afrika nie né! Of hoe.....?

## Middelburg – Transvaal – Suid Afrika

Hier is ‘n paar lelike “geheime” van die kremasie industrie in Suid Afrika, waarvan die meeste van ons totaal en al onbewus is!

Ons begin met die volgende opskrif:

> ***“Mass grave shocker - Observer expose: Wheelbarrows full of human bones thrown into a hole by the crematorium every day:” by Gerhard Rheeder***[a]

Ek vertaal uittreksels:
Kruiwaens vol mens beendere word daagliks in ‘n gat gegooi deur personeel van die Middelburg krematorium. **Hierdie makabere praktyk bestaan reeds sedert die begin van die krematorium se bestaan, 15 jaar gelede.** Lorrie vragte vol kat en honde karkasse van so ver as Krugersdorp, word ook veras, en hierdie bene word saam met mens beendere in die gat gegooi.

Die bene van honderde mense van **Secunda, Barberton, Nelspruit, Lydenburg, Ermelo, Belfast, Standerton en**

---

[a] Bron in “Veras of Begrawe, wat sê die Bybel?” deur Piet Wilsenach

**Bronkhorstspruit**, kan in een van talle gate agter die krematorium gevind word. Baie van hierdie mense kan verseker wees **dat hulle geliefdes se bene lê saam met menige ander mense, katte en honde se bene, saam in een gat.** Wanneer 'n gat "vol" is, word die munisipaliteit, wat bewus is van die praktyk, ingeroep om te assisteer met die grou van vars gate. Daar word maandeliks tussen 120 en 150 verassings uitgevoer by dié krematorium. [± 5 per dag]

Die berig verduidelik verder dat die probleem ontstaan het by ondernemers wat gekla het dat die "as" nie "wit" genoeg is nie. 'n Besluit was toe geneem om alle bene met "brandmerke" op, weg te gooi in die gate.

[Ek hoop u sien dit raak. Hierdie krematorium beweer dat hul verassings geskied tussen 800°C en 1000°C, hoewel die hitte kan styg tot 1500°C **EN SELFS NA HIERDIE HITTE IS DAAR SOWAAR SPIERWIT BENE WAT NIE EERS GESKROEI IS NIE!**]

Die Observer bevestig juis dat die oorgrote meerderheid bene in die gat, vlekkeloos was!
[Dit laat my nou wonder: As die "wittes" kla dat die "as" nie "wit" genoeg is nie, kla die swartes dat die "as" nie "swart" genoeg is nie? Ek vra maar net...]

Toe die Observer egter die perseel besoek het, was die bevinding dat daar nie net "geskroeide" bene in die gate was nie, maar 'n groot konsentrasie **"wit"** bene. Een van die persone daar het bevestig dat net 'n klein gedeelte van die gemaalde bene aan die kliënt terugbesorg word, met die oorgrote meerderheid van die "oorskot" wat in die gat beland.

Die artikel vertel verder dat die gate toegehou word met 'n plaat met 'n deurtjie in, wat toegemaak word met grond sodat mense

nie onraad vermoed nie. Tydens die besoek van die Observer was hierdie plaat nog warm van die 8 liggame wat daardie dag veras was, waarvan die bene in die gat gegooi was. Daar is onduidelikheid kragtens hoeveel van hierdie "massa grafte" daar op die perseel van die krematorium bestaan, maar "dat bykans die hele grasperk agter die krematorium een reuse massagraf is."

Vir die volle artikel en ander grusame "geheime" van die kremasie industrie, laai asb. die volgende e-boeke gratis af:
"Cremate or Bury, what saith the Bible?
"Veras of Begrawe, wat sê die Bybel?
Deur Piet Wilsenach

## Vals As


Vanuit ander bronne, m.b.t. verassing in die algemeen, is daar 'n magdom verhale van mense wat nie hul geliefdes se "regte as" ontvang het nie. Daar was die geval van iemand wat die as gestrooi het op die geliefde se gunsteling plek, en toe val daar 'n paar valstande onder uit die as fles uit. Die probleem? Die geliefde het nie valstande gehad nie!

In 'n ander geval het die mense hul geliefde se as op drie verskillende plekke gaan strooi. Met die laaste strooi val die identifikasie plaatjie uit wat die geliefde sin moes wees. Die probleem? Dit was nie die geliefde se plaatjie nie, maar 'n ander persoon sin wat veras was. [Ek wonder of dit toe die "laaste strooi" was]
U sal absoluut verstom staan wanneer u uitvind hoe mense die "as" van hul geliefdes gebruik of aanwend! Sommige gebruik dit om tatoeëer ink mee te maak, ander skiet dit weer die lug in, en ander gooi dit weer uit vliegtuie uit. Sommige plaas die "as" in koeëls en skiet dit vanuit hulle vuurwapens. Sommige verf met dit, die lys is eindeloos...

Hier is só Engelse ietsie wat ek gedoen het, en dit is maar net hoe dit is; Elke persoon dien sy eie "God", die "God" wat hom pas; elke persoon het sy eie gelofie, 'n "gelofie" wat hom pas en... die persoon haal teksverse uit die Skrif, wat sy "God" en sy "Gelofie" pas, totaal en al buite konteks en verdraaid natuurlik, maar dit is hoe sy gelofie staan.

Wanneer jy vir die persoon wys dat sy "gelofie" teen die Skrifte spreek, en dat sy "God" die Skrifte totaal weerspreek, sal hy tot die eindes van Aarde gaan en na enige strooihalm gryp, om die geskrifte van God te omseil...! Só is dit ook met **VERASSING** – Wanner hy die Skrifte se opdrag omseil, kan jy niks vir hom doen nie! **Hulle oorheers die Skrifte**; die Skrifte heers nie oor hulle nie!

## *Food for thought...*



**NEEM ASSEBLIEF KENNIS ⇨**

Jy weet nie wat jy kry met ‘n verassing nie. Jy het geen idee of die sogenaamde “as,” ‘n mengsel van hout en sement is nie! Wat ook al jy in die as-flessie kry; jy het geen idee wat dit is en jy kan nooit seker wees of dit waarlik die “as” van jou geliefde is nie. Jy kan ook nie seker wees of jou geliefde iewers in ‘n veld of in ‘n massagraf lê, en ontbind saam met ander mense en selfs diere nie.

**Jy het eenvoudig geen idee nie!**

Met ‘n Bybelse begrafnis is jy egter een honderd persent seker wie in die kis is, en waarheen die liggaam gaan.

**DINK DAAROOR…!**




**Jy het absoluut geen idee wat hierbinne is nie…!!!**

# GAAN JY VERAS?



## 'n GRUWEL wat




# GOD HAAT!

**<u>Deut 12:31</u>**

...want alles wat vir die HERE

**'N GRUWEL IS,**
**WAT HY HAAT**

het hulle vir hulle gode gedoen;
want selfs

**HULLE SEUNS EN HULLE DOGTERS**
**VERBRAND HULLE MET VUUR**

vir hulle gode.

**<u>1Kor 6:19</u> Of weet julle nie**

**<u>DAT JULLE LIGGAAM 'N TEMPEL IS VAN</u>**
**<u>DIE HEILIGE GEES WAT IN JULLE IS,</u>**

**wat julle van God het,**

**<u>EN DAT JULLE NIE AAN</u>**
**<u>JULSELF BEHOORT NIE?</u>**

# *Hoofstuk 4*

## Wat gebeur met die liggaam?


Een van die moeilikste onderwerpe wat ek probeer navors het tot dusvêr is: wat gebeur met die liggaam tydens die verassing? Daar is bykans geen bron waar ek hierdie inligting kon bekom nie. Daar is wel 'n boek wat geskryf was, wat hierdie inligting bevat, maar wat onbekombaar en uit druk is. Ek gee inligting van 'n enkele bron. Ek kan nie die inligting staaf soos met die ander inligting in die boek nie, maar ons moet een ding in gedagte hou...

Of hierdie inligting waar is of nie, ons weet almal hoe 'n stuk wors se vet en sous kook, binne die vel wanneer ons dit braai oor 'n vuur. Ons weet hoe vêr daardie vuurwarm vet in 'n straal uitspuit wanneer ons 'n gaatjie in die wors se vel maak en ons weet ook wat gebeur met 'n stuk vleis wat vergeet word op 'n braaivleis vuur. Die vleis krimp, trek, verander van vorm, word swart en krul op. Hoe walglik dit ook al mag klink, die verassings proses is nie vêr van hierdie dinge wat ons self kan waarneem op 'n gewone braaivleis vuur nie. Dink maar wat gebeur met 'n eier in 'n mikrogolf oond wanneer jy nie voor die tyd 'n gaatjie in die dop maak nie. Die eier ontplof ast'ware en die totale binnekant van die mikrogolf is vol eier!

Ons sal nou vlugtig kyk na die samestelling van die liggaam –
sien volgende bladsy...

[Na die hersiening van die boek, was daar 'n aantal persone wat my vertel het dat dit wel so is, en een persoon het selfs gesê dat sommige, nie algar nie, maar sommige se skedels oopbars en ontplof van die geweldige hitte...]

# Waaruit bestaan ons liggame?




Ons weet nou wat die basiese elemente van die liggaam en hul persentasies is, dus kan ons nou kyk na wat gebeur met die liggaam wanneer dit blootgestel word aan die geweldige vlamme van die hel... skuus, ek bedoel die vlamme van verassing.

Heel eerste brand die kis [of kartondoos] baie vinnig tot 'n "assie," wat in die filters opgevang word. [Handvatsels en skroewe van metaal word later uit die oorskot verwyder] Die water in die liggaam, ongeveer 64%, verdamp en hiermee saam al die verskillende gasse wat ook in die liggaam voorkom. Hierna begin die vleis brand. Eers word alles swart verbrand. Later wanneer die koolstof met suurstof bind om koolstofdioksied te vorm, verwyder die vlam alle water en koolstof van die been. Wat oorbly is die skoonste spierwit bene. [daar is wel sommige bene wat swart koolstof merke behou,

maar dit is volgens oorlewering te wyte aan kanker medikasie wat die been samestelling verander of aantas.]

Die geweldige vlam verteer dan eerste die kis [of kartondoos] van bo af. Volgende is die hare wat in oogwink weg gebrand word. Die vel is volgende met die vet en spiere wat daarna baie vinnig verteer word. Na oorlewering gebeur dit soms dat die liggaam skielik regop sit en selfs lyk of die liggaam begin "LEWE" wanneer die arms en bene beweeg. Die oorsaak is die geweldige vlamme wat die spiere laat saamtrek wanneer die gasse en water verdamp. Weens die orige vloeistowwe in die organe wat begin kook, spuit strome vloeistowwe uit die bolyf met die vet wat kook en knetter. Op hierdie stadium kan 'n mens die hart, longe en ander organe waarneem net voordat dit begin verkool. Die organe is duidelik sigbaar te wyte aan die swart kontras daarvan teen die spierwit skelet wat ook duidelik sigbaar is op hierdie stadium, omdat die vel en vet reeds verdamp het.

Ek dink ons volstaan hiermee, maar jy kan jou verbeelding gebruik. Dit is ondenkbaar grusaam! Indien jy hierdie inligting as absoluut skokkend vind, is dit baie goed! Jy moet ten volle bewus wees waaraan jou liggaam onderwerp sal word tydens 'n verassing en wat meer is, jy moet ook ten volle bewus wees waaraan jou geliefde se liggaam onderwerp sal word **gedurende hierdie heidense, afgodiese praktyk.** Hoe anders gaan jy in staat wees om 'n ingeligte besluit te maak, veral wanneer jy mislei word deur jou kerk se pastore, predikers en demoonies ?

Hier is 'n retoriese vraag. Sit die persoon regop omdat sy verbrande vleis krimp of... spring hy regop met 'n "O Hel! Wat het ek nou aangevang?"

Vir die mense wat bang is hulle word in 'n kis wakker onder die grond, moet 'n bietjie dink aan hierdie gruwelike gedagte...
Hier volg 'n foto van 'n persoon in 'n ontbranding oond van 'n krematorium. Sien nou jouself in daardie foto en maak dan 'n besluit om die Skrif te volg... Tik net die volgende op u web-leser in: **www.pietwilsenach.com/veras.html**

Indien die foto u skok is ek bly. U moet kennis dra van hierdie dinge. Ouma verander nie met die klap van 'n vinger van 'n lyk na 'n "hout en sement stoffie" in 'n pragtige "as-flessie" nie. Sy gaan deur 'n heidense, onskriftuurlike, gruwelike proses, wat God slegs in toorn en straf gebruik het vir Sy grootste vyande, en dit word **HOERERY** genoem: **Deur GOD self!**




Indien u dit met u geliefdes wil doen, doen dit dan terwyl u oor al die inligting beskik, grusaam of nie, sodat u nooit kan sê:

**"Ek het nie geweet nie."**

**<u>Jak 4:17</u> Wie dan weet om goed te doen en dit nie doen nie, <u>vir hom is dit sonde.</u>**

Daar sal mense wees wat sê: hierdie beskrywing kragtens wat met die lyk in die oond gebeur is nie waar nie, maar ek weet een ding, moenie my vertel die liggaam lê daar, gedienstig en gedweë, en verdamp deur die skoorsteen van die krematorium in rustige salige rokie nie! Ek ken die verskil tussen ‘n **vy -** en ’n **perdevy**!

Gestel jy gee ‘n angswekkende gil wanneer jy veras word... geen probleem... laat jou “gode” jou red wanneer jy skreeu!

> **<u>Jes 57:13</u> <u>As jy skreeu,</u> <u>laat jou hoop gode jou red;</u> maar die wind lig hulle almal op, ‘n luggie neem hulle weg. Maar wie op My vertrou, sal die land beërwe en my heilige bergland in besit neem.**

Wanneer jy hoereer met ander gode, en glo my maar, u doen dit, onwetend maar u doen dit omdat die vals predikers u leer dat heidense praktyke, christelike praktyke geword het, dan sê God, **gaan raadpleeg dan maar ook jou “gode” vir hulp!**

Ek wonder soms hoeveel mense daar is wat voel hulle gebede word nie beantwoord nie, maar hulle kan nie die skakel tussen die onverhoorde gebede en die heidense praktyke raaksien nie... reg daar binne-in hul kerke en huise, oop en bloot in volle visie...



# Die Liggaam – Nie slegs oorskot nie!

Wat sê die Skrif van die liggaam?

> **<u>1Kor 6:14</u> En God het ook die Here opgewek en sal ons opwek deur sy krag.**
> **<u>1Kor 6:15</u> Weet julle nie dat julle liggame lede van Christus is nie? <u>Sal ek dan die lede van Christus neem en dit lede van 'n hoer maak?</u> Nee, stellig nie!**
> **<u>1Kor 6:16</u> Of weet julle nie dat hy wat 'n hoer aanhang, met haar een liggaam is nie? Want die twee, sê Hy, sal een vlees wees.**
> **<u>1Kor 6:17</u> Maar wie die Here aanhang, is een gees met Hom.**
> **<u>1Kor 6:18</u> <u>Vlug vir die hoerery. Enige sonde wat 'n mens doen, is buite die liggaam; maar wie hoerery bedryf sondig teen sy eie liggaam.</u>**
> **<u>1Kor 6:19</u> <u>OF WEET JULLE NIE DAT JULLE LIGGAAM 'N TEMPEL IS VAN DIE HEILIGE GEES WAT IN JULLE IS</u>, wat julle van God het, <u>en dat julle nie aan julself behoort nie?</u>**
> **<u>1Kor 6:20</u> Want julle is duur gekoop. <u>Verheerlik God dan in julle liggaam</u> en in julle gees wat aan God behoort.**

Ons het reeds vanuit die Skrif bevestig om lyke te verbrand is 'n gruwel, en word **HOERERY** genoem. Daar is 'n algemene mistasting onder God se volk waar die Woord van "hoerery" spreek. Ons dink dadelik dit is nie op ons van toepassing nie, omdat ons nie hoereer nie, ons is immers kerkmense man, skreeu ons! Daar is egter menige verwysings waar hierdie hoerery juis op die praktyk van afgodery dui. Weereens sus ons, ons gewete: "Ek dien geen afgod nie en is nie betrokke by afgodery nie". As u so dink wag daar 'n ontnugterende skok op u. Wanner u 'n kerk lidmaat is beoefen u afgodery sonder om dit te besef, reg daar voor u eie oë, weggesteek in ope sig!

**Om jouself of jou geliefdes te laat veras, is om hoerery te pleeg teen jou Skepper en basta! Wat meer is, jy skend jou liggaam, God se skepping, wat nie eers aan jou behoort nie!**

**Tempel Skending** [U eie liggaam]
Ons kyk na nog ‘n paar verse kragtens die belangrikheid van die liggaam. U mag dink dit is slegs toepaslik op die “lewende” liggaam, maar ons sal later sien dat dit selfs op die oorskot van belang is.

> **Prd 5:5 Laat jou mond nie toe om op jou liggaam ‘n sondeskuld te laai nie, en sê nie voor die gesant van God: Dit was ‘n vergissing nie. Waarom moet God toornig word oor jou stem en die werk van jou hande verwoes?**

Moenie deur met jou mond te verklaar jy wil jou laat veras, en so ‘n sondeskuld op jou liggaam laai nie! U sal nie later kan sê dit is ‘n vergissing nie; of dit in onkunde gedoen was of nie!

Selfs die dier se liggaam sal oorgegee word om verbrand te word. [Hierdie dier is nie ‘n bok of ‘n hond nie]

> **Dan 7:11 Ek het toe bly kyk vanweë die stem van die groot woorde wat die horing gespreek het; ek het bly kyk totdat die dier gedood en sy liggaam vernietig en aan die verbranding deur vuur oorgegee is.**

Ons liggame sal ook brand [in die hel gewerp word] sou ons aanhou om van God se Woord ‘n bespotting te maak...

> **Mat 5:29 As jou regteroog jou dan laat struikel, ruk dit uit en gooi dit weg van jou af; want dit is vir jou beter dat een van jou lede vergaan en nie jou hele liggaam in die hel gewerp word nie.**

**Mat 10:28 En moenie vrees vir die wat die liggaam doodmaak, maar die siel nie kan doodmaak nie; maar vrees Hom liewer wat die siel sowel as die liggaam kan verderwe in die hel.**

U sal onthou dat Jésua se liggaam vlees en been gehad het na Sy opstanding; Hy het selfs voedsel geëet na Sy opstanding.

**Mat 26:12 Want toe sy hierdie salf op my liggaam uitgegooi het, het sy dit gedoen met die oog op my begrafnis.**

As die dooie liggaam maar net "oorskot" is, wat ast'ware vir die honde gegooi kan word, of nog erger, soos hout in 'n vuur gegooi en verbrand word tot as, hoekom dink u lees ons die volgende in God se Woord? Vra uself hoekom dit so is; is dit omdat daar nie verassings tegnologie was nie, of dien dit as voorbeeld, riglyn en selfs 'n verordening vir ons om te volg?

**Mat 27:58 Hy het na Pilatus gegaan en die liggaam van Jesus gevra. Toe beveel Pilatus dat die liggaam afgegee moes word.**
**Mat 27:59 En Josef het die liggaam geneem en dit met skoon linne toegedraai**
**Mat 27:60 en dit in sy nuwe graf gelê wat hy in die rots uitgekap het; en nadat hy 'n groot steen teen die opening van die graf gerol het, het hy weggegaan.**

**Mar 14:8 Wat sy kon, het sy gedoen. Sy het vooruit al my liggaam vir die begrafnis gesalf.**

**Luk 24:2 En hulle het die steen van die graf afgerol gevind.**
**Luk 24:3 En toe hulle ingaan, het hulle nie die liggaam van die Here Jesus gekry nie.**

Hier moet ons die vraag vra: Sou Jésua veras was, wat sou dan gebeur het? Sou Hy steeds opgestaan het?" Ek weet nie en niemand weet nie. Niemand kan hierdie vraag beantwoord nie, bloot omdat dit teen die Skrif en teen God se Wil sou wees. Hoe kan ons dan vandag verklaar dat daar niks met verassing verkeerd is nie?

> **<u>Joh 2:21</u> Maar <u>Hy het oor die tempel van sy liggaam gespreek.</u>**

Sou hierdie vrou in die gedeelte hieronder veras was, sou ons nie van hierdie wonderbaarlike wonderwerk in die Skrif gelees het nie!

> **<u>Hnd 9:38</u> En omdat Lidda naby Joppe was en die dissipels gehoor het dat Petrus daar was, het hulle twee manne na hom gestuur wat hom moes smeek dat hy sonder uitstel na hulle moet oorkom.**
> **<u>Hnd 9:39</u> En Petrus het opgestaan en saam met hulle gegaan. En toe hy daar kom, bring hulle hom in die bovertrek; en al die weduwees kom by hom staan en ween en wys hom die onder— en bo-klere wat Dorkas alles gemaak het toe sy nog by hulle was.**
> **<u>Hnd 9:40</u> En Petrus het almal buitentoe gestuur en neergekniel en gebid. <u>En hy het hom na die liggaam gedraai en gesê:</u> <u>Tabíta, staan op! En sy het haar oë oopgemaak; en toe sy Petrus sien, het sy regop gesit.</u>**
> **<u>Hnd 9:41</u> En hy gee haar sy hand en laat haar opstaan. Daarop roep hy die heiliges en die weduwees en stel haar lewendig voor hulle.**
> **<u>Hnd 9:42</u> En dit het bekend geword in die hele Joppe, en baie het in die Here geglo.**

# Die verlossing van ons liggaam

**<u>Rom 8:23</u> En nie alleen dit nie, maar ons self ook wat die eerstelinge van die Gees het, ons sug ook in onsself in afwagting van die aanneming tot kinders, naamlik <u>die verlossing van ons liggaam.</u>**

**<u>1Kor 6:19</u> Of weet julle nie <u>DAT JULLE LIGGAAM 'N TEMPEL IS VAN DIE HEILIGE GEES WAT IN JULLE IS</u>, wat julle van God het, <u>EN DAT JULLE NIE AAN JULSELF BEHOORT NIE?</u>**
**<u>1Kor 6:20</u> <u>Want JULLE IS DUUR GEKOOP. Verheerlik God dan in julle liggaam en in julle gees wat aan God behoort.</u>**

Hier staan geskrywe dat **ons liggame nie aan ons behoort nie.** Dit is wat God se Woord sê. Glo u in God? Goed! Glo u God? Dan staan hier baie duidelik dat **ons nie eers die seggenskap het om te besluit of ons wil veras word nie! Ons is duur gekoop! Verheerlik God dan in die liggaam om ook begrawe te word soos wat Hy ons in Sy Woord leer, en bly weg van die heidense, gruwelike lykverbranding en been-vergruising tot as. Bly weg van afgodery, hoerery en dit wat GOD HAAT!**

Ons is almal bewus van die goeie ou Korintiërs 13 wat dikwels by huwelike voorgelees word.

**<u>1Kor 13:2</u> En al sou ek die gawe van profesie hê en al die geheimenisse weet en al die kennis, en al sou ek al die geloof hê, sodat ek berge kon versit, en ek het nie die liefde nie, dan sou ek niks wees nie.**
**<u>1Kor 13:3</u> En al sou ek al my goed uitdeel, <u>en al sou ek my liggaam oorgee om verbrand te word</u>, en ek het nie die liefde nie, dan sou dit my niks baat nie.**
**<u>1Kor 13:4</u> Die liefde is lankmoedig en vriendelik; die liefde is nie jaloers nie; die liefde praat nie groot nie, is nie opgeblase nie,**

Paulus praat nie hier van **"verassing"** nie. Hy impliseer, sou hy homself so min ag, dat hy tot sy liggaam oneer sou aandoen deur dit te verbrand, en hy het nie die liefde nie, beteken dit tog maar niks**. As u egter enige liefde vir God het sal u nie hierdie gruweldaad pleeg nie, nie teenoor uself nie en ook nie teenoor iemand anders se afgestorwe liggaam nie.** U weet, ek ken so baie mense wat verklaar: "Ek het God lief" maar weet ons regtig wat dit beteken?

Om God lief te hê is om Hom te gehoorsaam, en om kennis van Hom te verkry. Sou u met iemand trou waarvan u nie weet wat die persoon se voorkeure, liefde, haat, drome en doel is nie. Nooit sê u, hoe kan ek? Hoe kan ons dan sê ons het God lief as ons nie kennis van Hom het nie; Hom nie ken nie, maar tog verklaar ons -en van ons geestelike leiers dat daar niks verkeerd is met "verassing" nie, ons mag self besluit. Hulle is reg, ons mag self besluit, op een voorwaarde egter, erken wat hier in die Skrif geskrywe staan en maak dan 'n besluit, gegrond op SY kennis.

> **Spr 1:7 Die vrees van die HERE is die beginsel van die kennis; sotte verag wysheid en tug.**

# Job 21:14

# Tog het hulle tot God gesê: Bly ver van ons af; en: In die kennis van u weë het ons geen behae nie.

U sien, ons is algar vertroud met die grootste gebod, naamlik:

> **<u>Mat 22:36</u> Meester, <u>wat is die groot gebod in die wet?</u>**
> **<u>Mat 22:37</u> En Jesus antwoord hom: <u>Jy moet die Here jou God liefhê</u> met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand.**

Nou - 'n groot aantal mense bely dat hulle ons Skepper "lief het" maar laat ons hierdie "liefde" definieer vanuit die Skrif.
Wat beteken dit om God lief te hê?

> **<u>Spr 9:10</u> <u>Die beginsel van die wysheid is die vrees van die HERE, en kennis van die Heilige is verstand.</u>**

Om God "**LIEF"** te hê is: **DIE BEGINSEL VAN KENNIS!**

...en tog leer hulle veragtelike valshede en mislei die kudde met leerstellings en mensgemaakte doktrines wat lynreg teen die Skrifte indruis; en vertel jou daar is niks verkeerd met verassing nie, en in dieselfde asem sê hulle ook dat hulle: "God lief het." Dit is 'n perfekte voorbeeld van 'n oksimoron as daar ooit een was!

Nog 'n definisie van hoe om God lief te hê is:

> **<u>Joh 14:15</u> <u>As julle My liefhet, bewaar my gebooie.</u>**
> **<u>Joh 14:21</u> <u>Wie my gebooie het en dié bewaar, dit is hy wat My liefhet;</u> en wie My liefhet, hóm sal my Vader liefhê, en Ek sal hom liefhê en My aan hom openbaar.**
> **<u>1Joh 5:2</u> <u>Hieraan weet ons dat ons die kinders van God liefhet: wanneer ons God liefhet en sy gebooie bewaar.</u>**

Die hartseer saak is, die volgende vers is waarskynlik meer dié waarheid in die geval:

> **<u>1Joh 2:4</u> Hy wat sê: Ek ken Hom, <u>en sy gebooie nie bewaar nie, is 'n leuenaar en in hom is die waarheid nie.</u>**

**<u>Voorbeeld:</u>**

'n Nabye familielid worstel met hierdie einste vraag kragtens veras of begrawe. Ek oorhandig 'n eksemplaar van my eerste boek wat handel oor veras of begrawe aan haar. Ek vra dat sy die boek moet lees voordat sy 'n besluit neem oor hoe daar met haar oorskot gehandel word, na haar dood. 'n Paar maande later besoek ons weer die vrou en ek vra haar toe of sy wel die boek gelees het, en of sy antwoorde gevind het. Haar antwoord ...?

**"Nee, ek het nie die boek gelees nie, maar ek het my prediker [demoonie] gevra, en hy sê daar is niks fout met verassing nie. Dus het ek nou my antwoord gekry."**

Wel, ek is bevrees daar is niks meer wat ek vir hierdie vrou kan doen nie. **As jy jou prediker [demoonie] se woord vertrou, bo God se Woord, is daar absoluut niks wat ek vir jou kan doen nie...**

Pasop vir die valse profete – innerlik, **roofsugtige wolwe!**

> **<u>Mat 7:15</u> <u>Maar pas op vir die valse profete wat in skaapsklere na julle kom en van binne roofsugtige wolwe is.</u>**
> **<u>Mat 7:16</u> <u>Aan hulle vrugte sal julle hulle ken.</u> 'n Mens pluk tog nie druiwe van dorings of vye van distels nie!**
> **<u>Mat 7:17</u> So dra elke goeie boom goeie vrugte; <u>maar 'n slegte boom dra slegte vrugte.</u>**

Hoekom is hierdie vals profete soos hulle is? Geld, geld, geld **...en meer geld!**

**<u>Mig 3:11</u> <u>Sy hoofde spreek vonnisse uit vir 'n geskenk, en sy priesters gee onderrig vir loon, en sy profete is waarsêers vir geld.</u> Nogtans steun hulle op die HERE en sê: Is die HERE nie in ons midde nie? <u>Geen onheil sal ons wedervaar nie!</u>**

## Argumente

Hier volg 'n paar voorbeelde vanuit die boek: "Veras of Begrawe, wat sê die Bybel?"

**<u>Ekonomies:</u>**

My moeder is onlangs oorlede in Desember 2014. Ek versoek toe die begrafnisondernemer om twee kwotasies voor te lê. Een vir 'n verassing [slegs vir navorsing doeleindes] en die ander vir 'n tradisionele grond begrafnis. U sal nooit raai... die verassing was duurder as die tradisionele begrafnis. Ek vra toe die ondernemer om die prys verskil te verduidelik. Hy sê toe vir my; tydens 'n verassing is daar nie minder as vier verskillende dokters of spesialiste se verslae wat benodig word, voordat 'n verassing mag voortgaan nie. Die vals argument wat almal laat glo dat 'n verassing goedkoper is, is egter van alle waarheid ontbloot!

**<u>Higiënies:</u>**

Krematoriums se skoorstene straal kwik emissies uit tydens die verassings proses, wat mense, diere, visse, mere en drinkwater vergiftig. Om te beweer dat verassing meer "higiëniese" is, dan 'n tradisionele grond begrafnis, is ook van alle waarheid ontbloot!

**<u>Estetiese waarde:</u>**

Ja, dit is werklik baie "esteties" **om te weet dat my geliefdes se bene in gate agter die krematorium gestort word, saam met katte, honde en donkie –bene, en sommer in dieselfde oond veras is!** Dit laat mens baie trots voel, baie esteties inderdaad.

En **moenie vergeet van die liggaam wat feitlik op en af spring in die oond, met die vet wat knetter en liggaamsvloeistowwe wat in alle rigtings spuit vanuit die liggaam, weens die versengende hitte en vlamme nie!** Ja, baie meer esteties inderdaad, dink u nie? Veel meer esteties as om ‘n liggaam tot ruste te lê in die grond ...soos die Skrif ons beveel om te doen!

**<u>Die Tyd faktor:</u>**

Die doel is om die oorledene so gou moontlik te ruste te lê, en nie ‘n feestelike byeenkoms, drie maande later te hou nie. Iemand het gesterf; dit is nie ‘n troue nie in hemelsnaam!

**<u>Koue karakter:</u>**

Ja, die begraafplaas en die graf het ‘n koue karakter... en ouma se bene in ‘n massagraf agter die krematorium, tesame met bene van diere, lewer ‘n “warm” gevoel? Die enigste “warm” gevoel wat jy gaan kry by ‘n verassing, is wanneer jy langs die verassings oond staan, op ‘n koue winters dag!

**<u>Graf plundering:</u>**

Die hoogste graad van plundering is om die bene van die oorledene te neem, en dit in ‘n monster industriële versapper met verharde staal balle te gooi, wat dit vergruis en verkrag tot ‘n fyn growwe poeier! Dit my vriend is plundering van die hoogste graad van ‘n liggaam, **wat nie eers aan jou behoort nie!**

> **<u>1Kor 6:19</u> <u>Of weet julle nie dat julle liggaam ‘n tempel is van die Heilige Gees wat in julle is</u>, wat julle van God het, <u>en dat julle nie aan julself behoort nie?</u>**

**<u>Eiendom [Graf]:</u>**
As jy wil slaap, het jy ‘n bed nodig. As jy God se instruksies wil volg, het jy ‘n graf nodig. Jy kan nie argumenteer dat jy dieselfde rus sal kry wanneer jy in ‘n stoel slaap, omdat daar nie genoeg plek vir ‘n bed in die slaapkamer is nie. Daar is planne om te maak. Van die kleinste lande met die hoogste bevolking syfers, het nooit ‘n tekort aan begrafnis ruimte nie. Om te sê dat daar geen ruimte vir grafte is nie, is ‘n dwaling en ‘n onsinnige argument, ontneem van alle logika!

Laat die ongelowiges veras, maar jy liewe leser, maak seker dat jy jouself en jou geliefdes begrawe, omdat ons Skepper ons so beveel in Sy geskrifte! Moenie hiervan afwyk nie!

**<u>Tegnologie:</u>**
Kry tegnologie, voorkeur bo die Woord van God, selfs as die Satan self die ontwerper daarvan is? Laat my toe om te antwoord uit die Woord van God:

> **<u>Jos 24:15</u> <u>Maar as dit verkeerd is in julle oë om die HERE te dien, kies dan vir julle vandag wie julle wil dien:</u> òf die gode wat julle vaders daar oorkant die Eufraat gedien het, òf die gode van die Amoriete in wie se land julle woon; <u>maar ek en my huis, ons sal die HERE dien.</u>**

**<u>Die meerderheid verkies om te veras:</u>**
Ek antwoord weer vanuit die Skrif:

> **<u>Eks 23:2</u> <u>Jy mag die meerderheid nie volg in verkeerde dinge nie.</u> En jy mag in ‘n regsaak geen getuienis aflê agter die meerderheid aan <u>om die reg te verdraai nie</u>.**

Mense en veral kerke en die christen**DOM**, voel daar moet ‘n mistieke waarde in getalle wees. Mag aan die meerderheid! Die meerderheid in getalle, kan en sal nooit ooit, die Gees

geïnspireerde Skrifte van ons Skepper uitkanselleer nie! Al probeer hulle hoe hard met al die vervalste vertalings...!

Ek is jammer liewe leser, maar geen enkele argument hou enige water nie, en die skriftuurlike manier van begrafnis is nie net die beste nie, **maar vir God se uitverkorenes, die enigste manier!**

Satan se huurlinge kan ses berge vol argumente opstapel, maar dit sal vir ewig en altoos heeltemal teen die Skrifte wees, en dus teen onse God; **Die Een** wat ons geskape het! **<u>Die tradisionele grond begrafnis is nie net Bybels nie, maar God se Wil!!!</u>**

Moenie vir een oomblik dink dat hierdie **huurlinge, vir geld gewin**, vir u as "herder" sal optree en in u plek sal staan op die oordeelsdag nie. Daar is net een **HERDER!** Die huurlinge sal die skape laat staan en vlug, want die skape behoort nie aan hulle nie!

> **<u>Joh 10:11</u> Ek is die goeie herder. <u>Die goeie herder lê sy lewe af vir die skape.</u>**
> **<u>Joh 10:12</u> <u>Maar die huurling en hy wat nie 'n herder is nie, van wie die skape nie die eiendom is nie, sien die wolf kom en laat die skape staan en vlug</u>, en die wolf vang hulle en jaag die skape uitmekaar.**
> **<u>Joh 10:13</u> <u>En die huurling vlug, omdat hy 'n huurling is en niks vir die skape omgee nie.</u>**
>
> **<u>Mig 3:3</u> en wat die vlees van my volk eet en hulle vel van hulle afslag; <u>ook hulle gebeente verbrysel en hulle aan stukke kap</u> soos vleis in 'n pot en soos vleis in 'n pan.**

## Lees weer die volgende; en laat dit insink...!

**Mig 3:3** en wat die vlees van my volk eet en hulle vel van hulle afslag;
**ook hulle gebeente verbrysel**
**en hulle aan stukke kap**
soos vleis in 'n pot en soos vleis in 'n pan.

Daar is net een begrafnis en dit is
**'n Skriftuurlike begrafnis!**



# *Hoofstuk 5*

## Geen Appèl

Jy sien liewe vriend, jy kan nie God se Woord verander net omdat ons kwansuis “**moderne mense**” is, met “**moderne verassing oonde,**” en “**moderne industriële masjiene**” wat mens beendere vergruis nie...

**God se Woord staan vas in die hemele, VIR EWIG...!**

> **<u>Psa 119:89</u> Lamed. <u>Vir ewig</u>, o HERE, <u>staan u woord vas in die hemele.</u>**

Of u nou daarvan hou of nie, of u nou in God se Woord glo of nie – u **SAL** voor die **REGTERSTOEL** van **JÉSUA verskyn!**

> **<u>2Kor 5:10</u> <u>Want ons moet almal voor die regterstoel van Christus verskyn</u>, sodat elkeen kan ontvang <u>wat hy deur die liggaam verrig het, volgens wat hy gedoen het, of dit goed is of kwaad.</u>**

**LET OP** ⇨ Dit sê: **“wat hy <u>deur die liggaam verrig het</u> of dit goed is of kwaad”**

> **<u>Mat 16:26</u> Want wat baat dit ‘n mens as hy die hele wêreld win, maar aan sy siel skade ly? Of wat sal ‘n mens gee as losprys vir sy siel?**
> **<u>Mat 16:27</u> Want die Seun van die mens staan gereed om met sy engele in die heerlikheid van sy Vader te kom, <u>en dan sal Hy elkeen vergeld volgens sy dade.</u>**

Moenie u ore vir enige iemand uitleen nie, ook nie vir my [die outeur nie,] maar gee asb. ag op -en luister na **JÉSUA ONS MESSIAH…!**

**<u>Kol 3:23</u> En wat julle ook al doen, <u>doen dit van harte soos vir die Here en nie vir mense nie,</u>**
**<u>Kol 3:24</u> omdat julle weet dat julle van die Here die erfenis as vergelding sal ontvang, want julle dien die Here Christus.**
**<u>Kol 3:25</u> <u>Maar wie onreg doen, sal die onreg wat hy gedoen het, terug ontvang;</u> en daar is geen aanneming van die persoon nie.**

…en wanneer jy as volg gehandel het:

**<u>Amo 2:1</u> So sê die HERE: Oor drie oortredinge van Moab, ja, oor vier, sal Ek dit nie afwend nie; <u>omdat hy die beendere van die koning van Edom tot kalk verbrand het.</u>**
**<u>Amo 2:2</u> Daarom sal Ek 'n vuur slinger in Moab, en dit sal die paleise van Kérijot verteer; en Moab sal met oorlogsrumoer sterwe, met krygsgeskreeu en basuingeskal.**

Sal jy moet rekenskap gee vir jou dade...

**<u>Rom 14:12</u> So sal elkeen van ons dan <u>vir homself aan God rekenskap gee.</u>**

Hoekom?

**<u>Jak 2:19</u> Jy glo dat God één is. Jy doen goed; <u>die duiwels glo dit ook</u>, en hulle sidder.**
**<u>Jak 2:20</u> Maar wil jy weet, o nietige mens, <u>dat die geloof sonder die werke dood is?</u>**

Jou verdediging dat jy geluister het na jou predikant, nadat jy die waarheid ontvang het, maar omgedraai het soos 'n hond na sy eie uitbraaksel, sal nie aanvaar word nie en verder... die groot verrassing - wanneer God sê:

**<u>Mat 7:23</u> En dan sal Ek aan hulle sê: <u>Ek het julle nooit geken nie. Gaan weg van My</u>, julle wat die ongeregtigheid werk!**

**EN DIT - IS DIT!**

# GEEN APPÈL PROSEDURE NIE!

## GEEN BORGTOG OM 'n ADVOKAAT TE RAADPLEEG NIE!

### TOEGANG FINAAL GEWEIER

Indien dit so gebeur dat u steeds niks verkeerd sien met verassing, en dat dit **'n heidense euwel is nie**, na u al die Skrifgedeeltes in hierdie boek bestudeer het, wil ek u die volgende raad gee: Slaan die verse wat in hierdie boek opgeneem is in u Bybel na, en skeur dan daardie betrokke bladsye uit u Bybel. So is u dan verseker dat daar **WERKLIK NIKS IN U BYBEL STAAN,** wat verassing verdoem tot **heidense afgodery, WAT GOD HAAT NIE...!!!**

> **Opn 21:7 Hy wat oorwin, sal alles beërwe; en Ek sal vir hom 'n God wees, en hy sal vir My 'n seun wees.**
> **Opn 21:8 Maar wat die vreesagtiges aangaan en die ongelowiges en gruwelikes en moordenaars en hoereerders en towenaars en afgodedienaars en al die leuenaars hulle deel is in die poel wat brand met vuur en swawel: dit is die tweede dood.**
>
> **Efs 5:6 Laat niemand julle met ydel woorde verlei nie, want daardeur kom die toorn van God oor die kinders van die ongehoorsaamheid.**
> **Efs 5:7 Wees dan nie hulle deelgenote nie.**
> **Efs 5:8 Want vroeër was julle duisternis, maar nou is julle lig in die Here—wandel soos kinders van die lig.**
> **Efs 5:9 Want die vrug van die Gees bestaan in alle goedheid en geregtigheid en waarheid.**

## Die Oordeelsdag

Ek wil amper sê, as jy jouself laat veras, terwyl jy die kennis van die waarheid gehad het, is dit of God niks van jou kon maak toe jy nog heel was nie, hoeveel minder sal Hy van jou iets kan maak as die vuur jou eers verteer het! [hierdie is net by wyse van spreuke, 'n metafoor] Dit is nie omdat God nie van jou iets kan maak nie, maar omdat jy God nie toelaat om iets van jou te maak nie. **Jy glo dalk in Hom, maar jy doen nie wat Hy van jou verlang nie,** en daar is 'n baie groot verskil in die twee begrippe naamlik: om te **GLO** en om **GEHOORSAAM** te wees my vriend. Dink daaroor!!!

> **<u>Esg 15:5</u> Kyk, <u>toe dit heel was, kon daar niks van gemaak word nie; hoeveel minder, as die vuur dit verteer het en dit geskroei is, sal daar dan nog iets van gemaak kan word.</u>**

Onthou dat die **WOORD VAN GOD** [m.a.w. die Skrif] ons gaan oordeel. Dit is van kardinale belang liewe leser, neem dit in. Wanneer jy in daardie spreekwoordelike ry staan om jou oordeel te ontvang, sal dit nie jou pastoor of demoonie wees wat jou gaan oordeel nie, maar die **SKRIF – GOD SE WOORD.** Jy sal jouself ook nie kan verdedig deur te sê dat jou predikant vir jou gesê het dat verassing aanvaarbaar was nie. **Jou opdrag was om die Skrifte te ondersoek en klaar!**

> **<u>Joh 12:48</u> <u>Wie My verwerp en my woorde nie aanneem nie, het een wat hom oordeel: die woord wat Ek gespreek het, dit sal hom oordeel in die laaste dag.</u>**

Maak baie seker dat jy nie jou predikant glo nie, maar dat jou antwoorde vanuit die **WAARHEID VAN DIE SKRIF** alleen kom:

> **<u>Hnd 17:11</u> En hierdie mense was edelmoediger as dié in Thessaloníka; hulle het die woord met alle welwillendheid**

**ontvang <u>en elke dag die Skrifte ondersoek of hierdie dinge so was</u>.**

Ons sal geoordeel word deur wat ons gedoen het in ons liggame, of dit goed of sleg was. Ons weet nou dat ons liggame nie aan ons behoort nie; **hoe op dees aarde kan ons dan toelaat dat ons liggame [wat nie ons sin is nie] deur die vuur gestuur word vir die god Molog?**

**<u>2Kor 5:10</u> Want ons moet almal voor die regterstoel van Christus verskyn, <u>sodat elkeen kan ontvang wat hy deur die liggaam verrig het, volgens wat hy gedoen het, of dit goed is of kwaad.</u>**

Ek glo in God se Woord – fundamentalisties, feitlik, waar, onverganklik, Gees geïnspireerd en rein [heilig] tot in alle ewigheid. Die res, insluitende die nie-fundamentaliste, kan doen net wat hulle goeddink, maar asseblief – moenie vir my sê jy glo in God se Woord en dan verklaar dat verassing nie 'n gruwelike sonde is wat **GOD HAAT NIE!**



# GAAN JY VERAS?



## 'n GRUWEL wat GOD HAAT!




**Deut 12:31**

...want alles wat vir die HERE

**'N GRUWEL IS, WAT HY HAAT**

het hulle vir hulle gode gedoen; want selfs

**HULLE SEUNS EN HULLE DOGTERS VERBRAND HULLE MET VUUR**

vir hulle gode.

**1Kor 6:19** **Of weet julle nie**

**DAT JULLE LIGGAAM 'N TEMPEL IS VAN DIE HEILIGE GEES WAT IN JULLE IS,**

**wat julle van God het,**

**EN DAT JULLE NIE AAN JULSELF BEHOORT NIE?**

# *Hoofstuk 6*

## Die opstanding van ons Messiah

Ek weet nie hoekom nie, maar ek het van kleins af die gedagte gehad dat ons soos geeste gaan wees wanneer ons in die koninkryk kom, dat Jésua 'n gees was, soos 'n spook, toe Hy opgewek was. Wat meer is, ek dink baie mense glo nou nog só en dit beteken jy kan jou maar laat veras, jy gaan mos nie bene en vlees hê in die hiernamaals nie, of hoe?

Veral christene sal die volgende vers aanvoer as argument:

> **<u>1Kor 15:50</u> Maar dit verklaar ek, broeders, <u>dat vlees en bloed die koninkryk van God nie kan beërwe nie;</u> ook beërwe die verganklikheid nie die onverganklikheid nie.**

...en siedaar – nou kan jy **veras!**

Vergun my om so staaltjie te vertel:
Iemand kom eendag by my huis, vergesel deur 'n pastoor, oom Gerhard. Die oom sien toe een van my boeke op 'n tafel lê naamlik: "Veras of Begrawe, wat sê die Bybel?" Hy vra my of ek Bybelse tekste in die boek gebruik, omdat die boek sê: "wat sê die Bybel?" Ek noem aan hom dat daar meer as 800 teksverse in die boek voorkom. Ek kyk hom in die oë en vra hom: "Wat dink pastoor kragtens veras of begrawe?" Oom Gerhard neem sy regterhand en vat die vel van sy linkerarm en sê: "Piet, hierdie vlees en bloed gaan nie hemel toe nie!" Hy ken natuurlik bogenoemde vers baie goed!

Ek gee toe vir die pastoor 'n "As tot As of Stof tot Stof?" boekie, en vra hom om dit te lees, en vir my te sê waar ek verkeerd is in

die boek. Hy neem toe die boekie en is daar weg. Na ongeveer drie maande, skakel hy my en verklaar die volgende:

"**Piet, ek het nog nooit in my lewe so 'n boek gelees nie!**" Ek vra of daar fout is met die boek? Hy antwoord: "Nee, dit is die beste boek wat ek ooit gelees het, en niemand weet van hierdie dinge nie, niemand weet dit nie!" sê hy. Hy vra toe na 'n afspraak met my en ons kom bymekaar. Ons het ure lank gesels, maar die kernpunt is: Hy sê vir my dat selfs die predikers weet nie van die dinge nie; dit is nou waar verassing in die Skrifte voorkom. Ek sê vir hom: "...maar oom Gerhard, die mense gaan vra hulle predikers en die predikers sê hulle is vry om te veras, hoe nou?"

Weereens sê oom Ben, "maar die predikers weet ook nie van die dinge nie..." Wel, hoekom sê hulle dat mense kan veras, as hulle nie weet nie? Ek kyk so oor die tafel na oom Gerhard en ek vra hom 'n baie belangrike vraag: "Sê vir my oom Gerhard, waaruit leer julle om pastore te word, want een ding weet ek; julle leer nie uit die Bybel nie, julle leer Calvyn, Luther en ander teologiese boeke, maar nie vanuit die Skrifte nie?" Wel, oom Gerhard het sy kop laat sak, na die tafel gekyk, en my nooit op daardie vraag geantwoord nie...

> **<u>1Kor 15:50</u> Maar dit verklaar ek, broeders, <u>dat vlees en bloed die koninkryk van God nie kan beërwe nie;</u> ook beërwe die verganklikheid nie die onverganklikheid nie.**

Hierdie vers word totaal en al buite konteks aangevoer as regverdiging vir lykverbranding. Wat Paulus hier sê is dat ons nie met ons huidige liggame van verganklike vlees en bloed die koninkryk kan beërwe nie, maar dat ons 'n verheerlikte liggaam sal ontvang. Die verganklike sal met die onverganklike vervang word by die wederkoms.

**<u>1Kor 15:53</u> Want <u>hierdie verganklike moet met onverganklikheid beklee word, en hierdie sterflike moet met onsterflikheid beklee word.</u>**
**<u>1Kor 15:54</u> En <u>wanneer hierdie verganklike met onverganklikheid beklee is en hierdie sterflike met onsterflikheid beklee is</u>, dan sal vervul word die woord wat geskrywe is: Die dood is verslind in die oorwinning.**

Nou – van watter gedaante is hierdie onverganklike en onsterflike liggaam? Die eerste feit is dat ons verheerlikte liggaam gelyk sal wees met Jésua se verheerlikte liggaam.

**<u>Fil 3:21</u> <u>wat ons vernederde liggaam van gedaante sal verander, om gelykvormig te word aan sy verheerlikte liggaam</u> volgens die werking waardeur Hy ook alles aan Homself kan onderwerp.**

**<u>1Joh 3:2</u> Geliefdes, nou is ons kinders van God, en dit is nog nie geopenbaar wat ons sal wees nie; maar ons weet dat ons, <u>as Hy verskyn, aan Hom gelyk sal wees,</u> omdat ons Hom sal sien soos Hy is.**

Die tweede feit is, Jésua het vlees en bene gehad en selfs geëet na Sy opstanding...

**<u>Luk 24:39</u> Kyk na my hande en my voete, want dit is Ek self. <u>Voel aan My en kyk; want 'n gees het nie vlees en bene soos julle sien dat Ek het nie.</u>**

Hoe kan enige regdenkende mens, van wie Satan nog nie sy logika gesteel het nie, verassing oorweeg wanneer Jésua na Sy opstanding sê:

**VOEL AAN MY,**
**EK HET VLEES EN BENE!**

**<u>Luk 24:40</u> En terwyl Hy dit sê, wys Hy hulle sy hande en sy voete.**
**<u>Luk 24:41</u> En toe hulle van blydskap nog nie kon glo nie en hulle verwonder, sê Hy vir hulle: <u>Het julle hier iets om te eet?</u>**
**<u>Luk 24:42</u> <u>Daarop gee hulle Hom 'n stuk gebraaide vis en 'n stuk heuningkoek.</u>**
**<u>Luk 24:43</u> <u>En Hy het dit geneem en voor hulle oë geëet.</u>**

Sien u dit? **JÉSUA HET GEËET NA SY OPSTANDING, MET SY VERHEERLIKTE LIGGAAM**, waaraan ons gelyk sal wees met die wederkoms! Kan u dink as Jésua veras was... tot fyn poeier vergruis was? Nou moet u baie, baie mooi dink oor verassing, want dit staan so geskrywe en niemand, maar niemand; geen predikant, pastoor, demoonie of selfs die Pous kan hierdie dinge verberg of verander nie. Net u kan kies of u die Skrif wil glo... en óf u weier om te glo...

**<u>1Kor 15:48</u> Soos die aardse mens was, so is ook die aardse mense; <u>en soos die hemelse mens is, so is ook die hemelse mense.</u>**
**<u>1Kor 15:49</u> <u>En soos ons die beeld van die aardse gedra het, so sal ons ook die beeld van die hemelse dra.</u>**

**<u>Mat 13:49</u> So sal dit wees in die voleinding van die wêreld: <u>die engele sal uitgaan en die slegte mense onder die regverdiges uit afskei</u>**
**<u>Mat 13:50</u> <u>en hulle in die vuuroond gooi</u>. Daar sal geween wees en gekners van die tande.**
**<u>Mat 13:51</u> Jesus sê vir hulle: <u>Het julle ál hierdie dinge verstaan? Hulle antwoord Hom: Ja, Here!</u>**

Kan God mense opwek by die wederkoms wat veras was? Natuurlik! Sal Hy dit doen? Ek dink só! Hoekom? Moontlik om hulle nuwe verheerlikte vlees en bene te gee, net voordat hulle in die poel van vuur gewerp word, die moeder van alle

krematoriums, **DIE HEL!** [Hierdie is slegs by wyse van spreuke en nie ‘n doktrine nie! Dit is baie beslis nie vir my om te beweer wat God sal doen en nie sal doen nie, en baie beslis ook nie om enige iemand tot die hel te verdoem nie, juis omdat die oordeel Jésua se oordeel is.] As God klippe kan opwek, kan Hy “**as**” ook opwek!

> **<u>Mat 3:9</u> En moenie dink om by julleself te sê: ons het Abraham as vader nie; <u>want ek sê vir julle dat God mag het om uit hierdie klippe kinders vir Abraham op te wek.</u>**

Selfs die see sal ook die dode gee:

> **<u>Opn 20:13</u> En <u>die see het die dode gegee wat daarin was</u>, en die dood en die doderyk het die dode gegee wat daarin was; <u>en hulle is geoordeel, elkeen volgens sy werke</u>.**

> **<u>Joh 5:28</u> Moenie julle hieroor verwonder nie. <u>Want daar kom ‘n uur wanneer almal wat in die grafte is, sy stem sal hoor</u>**
> **<u>Joh 5:29</u> en sal uitgaan, die wat goed gedoen het, tot die opstanding van die lewe, <u>en die wat kwaad gedoen het, tot die opstanding van die veroordeling.</u>**

**EERSTENS:** Wie sal Sy stem te hoor? Diegene wat in die grafte is, of diegene wat in die sloot agter die krematorium tesame met bene van diere in ’n massagraf is? Diegene wat in die grafte is, of diegene wie se as gestrooi was op die platteland of in die see? Jy kan my hiermee vertrou - nêrens in die Bybel sê dit: “en diegene wie se as gebruik was as tatoeëer ink sal Sy stem hoor en opgewek word nie”. Ook nie “diegene in gedagtenis mure of as-flessies nie”.

**TWEEDENS: Indien jy regtig sleg drooggemaak het, sal jy ook opgewek word – vir die verdoemenis!**

**Mat 11:24 Maar Ek sê vir julle dat dit vir die land van Sodom verdraagliker sal wees in die oordeelsdag as vir jou.**

Mag ek so beskeie wees om u te vra, net soos Jésua gevra het: Het julle ál hierdie dinge verstaan?
En ek hoop u gaan Hom antwoord: Ja, Meester!

**Mat 13:51 Jesus sê vir hulle: Het julle ál hierdie dinge verstaan? Hulle antwoord Hom: Ja, Here!**



# WAARSKUWING!

**Moet nooit jou kerk vertrou nie...!**

en...

**Moet nooit jou prediker vertrou nie...!**

en...

**Moet my – die outeur, nooit vertrou nie...!**

maar...

**VERTROU DIE SKRIFTE**

**GOD SE GEES GEÏNSPIREERDE WOORDE**

**DIE BESTE MENSE-HANDLEIDING**


**WAT NOG OOIT GESKRYF IS**

**EN TOT IN EWIGHEID SAL WEES.**



**Die Bybel is nie geslote vir gewone “ongeleerde” mense soos jy en ek, soos wat hulle ons graag wil wysmaak nie...**

# AL DIE ANTWOORDE WAT JY SOEK, IS IN HIÉRDIE GEES GEÏNSPIREERDE BOEK VAN ONS SKEPPER HIERONDER!






**DIE KERK MOET DIE BYBEL KONSTANT**
**SAAG, SKRAAP EN SNY,**
**OM DIT IN HULLE VALS DOKTRINE IN TE FORSEER,**
**SODAT HULLE DIE GEHOOR KAN STREEL,**
**VIR GELD GEWIN.**
**WEES PARAAT, WEES WAKKER…!!!**

## Volg Jésua se voorbeeld

> **<u>1Pet 2:21</u> Want hiertoe is julle geroep, omdat Christus ook vir julle gely het <u>en julle 'n voorbeeld nagelaat het, sodat julle sy voetstappe kan navolg;</u>**

God kan jou uit die moeilikheid kry, elke liewe keer, selfs as jy die mees afskuwelike sondes gepleeg het. Ek weet - ek is 'n lewende bewys!

# VERTROU HOM

Laastens, m.b.t. tot "oordeel", vir diegene wat my beskuldig dat ek "oordeel"; die volgende vers praat van die hel, maar sien ook - "hulle uit die vuur te ruk," **soos om hulle uit die vuur van verassing te ruk, en die metode - red hulle met vrees!**

> **<u>Jud 1:22</u> En aan sommige wat twyfel, moet julle barmhartigheid bewys;**
> **<u>Jud 1:23</u> <u>maar ander moet julle met vrees red deur hulle uit die vuur te ruk;</u> en ook die kleed moet julle haat wat deur sonde bevlek is.**

Daar is soveel meer om te sê en oor te skryf, maar ek volstaan met die woorde van ons **MESSIAH:**

**<u>Joh 16:12</u>**
**Nog baie dinge het Ek om aan julle te sê, maar julle kan dit nou nie dra nie.**

**<u>OKSIMORON:</u>**
**Soos wat God en Mammon direkte teenoorgesteldes is,**
**so is God en verassing en,**
**so is God en kerk.**

Het ek u vyand geword deur u die waarheid te vertel...?

**<u>Gal 4:16</u>**
**Het ek dan julle vyand geword deur julle die waarheid te vertel?**

Moet asseblief nie vir uself, dieselfde straf kies as wat God vir Satan gekies het nie!

# <u>Esg 28:18</u>

# Weens die menigte van jou ongeregtighede, deur die onreg van jou koophandel, het jy jou heiligdomme ontheilig; daarom het Ek 'n vuur uit jou binneste laat uitgaan; dit het jou verteer, <u>en Ek het jou tot as gemaak...</u>

# GAAN JY VERAS?



## 'n GRUWEL wat GOD HAAT!




**<u>Deut 12:31</u>**

...want alles wat vir die HERE

**'N GRUWEL IS,
WAT HY HAAT**

het hulle vir hulle gode gedoen;
want selfs

**HULLE SEUNS EN HULLE DOGTERS
VERBRAND HULLE MET VUUR**

vir hulle gode.

**<u>1Kor 6:19</u> Of weet julle nie**

**<u>DAT JULLE LIGGAAM 'N TEMPEL IS VAN
DIE HEILIGE GEES WAT IN JULLE IS,</u>**

**wat julle van God het,**

**<u>EN DAT JULLE NIE AAN
JULSELF BEHOORT NIE?</u>**

# *Hoofstuk 7*

## Sonde na die Dood

Dit sou nie vêrgesog wees om te glo, nadat ons gesterf het, is daar geen sonde meer wat ons kan doen nie, maar is dit waar? Die antwoord is **NEE! Wanneer ons laaste testament of wens is om veras te word, sondig ons baie ernstig teenoor God, selfs na ons dood.** Moenie vir een oomblik dink dat ons nie aanspreeklik gehou sal word vir hierdie gruwelike daad nie, **selfs al was ons oorlede toe die daad gepleeg is.**

Die volgende vraag is: wat van die geliefdes wat die daad uitvoer; d.w.s. die laaste wens van die oorledene volbring, deur die oorledene te veras? Is hulle nie ook medepligtig in hierdie sonde nie, al was dit die laaste wens van die oorledene?

## Hardkoppige geliefdes

Wat doen ons met geliefdes wat volhard, selfs nadat die Bybel so duidelik soos daglig is dat verassing 'n gruwelike sonde is, wat ek 'n "dodelike sonde" oftewel "sonde na die dood" noem?
[En onthou dat hierdie boek bevat slegs 'n fraksie van die magdom inligting van die boek: "Veras of Begrawe, wat sê die Bybel?"]

Wel, die oplossing is nie so moeilik nie. **Jy het eenvoudig niks daarmee te doen nie.** Wanneer 'n lid van die familie aandring daarop dat hulle die oorledene wil veras **- loop weg! Moenie die begrafnis bywoon nie en moet geen deel daaraan hê nie!** Jy sien; die Bybel sê baie duidelik om **nooit die eer van mense meer lief te hê, as die eer van God nie.**

> **<u>Joh 12:43</u> Want hulle het die eer van die mense meer liefgehad as die eer van God.**

Dit beteken, wanneer jy jouself verwyder van hierdie gruwelike daad en wegloop, kies jy die eer van God, eerder as die eer van mense, en jy sal dienooreenkomstig geoordeel word!

Die beste ding om te doen, is om die geliefde te vertel voordat hulle sterf, dat jy nie deel van hul verassing sal wees nie. Verder, as jy 'n sê in die saak het, sal jy die persoon nie veras nie en as iemand anders dit gaan doen, **sal jy jouself heeltemal afsny van hierdie afskuwelike, heidense gebruik!**

## Hardkoppige Wederhelfte

Hier is waar dit bietjie meer tegnies raak, maar kom ons laat weereens die Skrif toe om te antwoord:

> **<u>1Kor 11:3</u> Maar ek wil hê dat julle moet weet dat <u>Christus die hoof is van elke man, en die man die hoof van die vrou,</u> en God die hoof van Christus.**

In die geval waar die gade die vrou is, en sy wil haarself veras, doen die man dit eenvoudig nie, want hy is die hoof van die vrou. Dit is dit - geen argumente en geen onderhandeling nie!
In die geval waar die man wil veras, is daar ander reëls omdat die vrou onderdanig aan haar man moet wees in alles.

> **<u>Efs 5:24</u> Maar soos die gemeente aan Christus onderdanig is, <u>so moet die vroue dit ook in alles aan hul eie mans wees.</u>**

Ja, selfs in die afskuwelike daad van verassing, moet die vrou onderhewig aan haar man wees! Daar is egter 'n baie duidelike pad wat die vrou in hierdie verband moet neem. Laat my toe om te verduidelik.

**Wat volg is vir die VROU...**
In die geval dat jou man wil veras, selfs wanneer die Bybel so duidelik is dat dit 'n ernstige sonde is, moet jy wat die vrou is, die volgende doen: Vra jou man om by die eetkamertafel te sit en lees vir hom die volgende vers uit die Bybel voor:

> <u>Efs 5:24</u> **Maar soos die gemeente aan Christus onderdanig is, <u>so moet die vroue dit ook in alles aan hul eie mans wees.</u>**

**Dan sê jy:**
Hierdie vers is in opdrag aan my, om aan jou [my man] in alles onderdanig te wees; daarom sal ek onderhewig wees aan jou, selfs met jou wens om veras te word, selfs al is dit teen God se wil.

**Dan sê jy verder:** Maar in jou teenwoordigheid, my man, maak ek wat jou vrou is, 'n gelofte aan God dat ek niks met jou verassing te doen sal hê nie. Voordat jy egter ontsteld raak, wil ek vir jou die volgende gedeeltes lees, waar God jou as my man, die reg gee om my gelofte aan God nietig maak.
Lees die hele hoofstuk 30 van Numeri om die volle konteks te kry, maar verse 12 en 13 is die sleutel verse:

> <u>Núm 30:12</u> **Maar as haar man die dinge uitdruklik tot niet maak op die dag dat hy daarvan hoor, sal niks van alles wat uit haar lippe uitgegaan het, van haar geloftes of van die verbintenis tot onthouding, van krag wees nie; <u>haar man het dit tot niet gemaak, en die HERE sal haar dit vergewe.</u>**
> **<u>Núm 30:13</u> <u>Elke gelofte en elke eed van onthouding om die siel te verootmoedig—haar man kan dit van krag maak, en haar man kan dit tot niet maak.</u>**

**Dan verklaar jy:** Ek het belowe dat ek onderhewig sal wees aan jou, maar ek het nou 'n gelofte aan God gedoen dat ek niks met jou verassing te doen sal hê nie, maar soos jy kan sien, het God

jou as my man die reg gegee om my gelofte tot God van krag te maak, óf om dit tot niet te maak. Maak jy egter my gelofte tot God nietig, sal God my vergewe vir die sonde wat ek pleeg deur jou gehoorsaam te wees, maar hierdie sonde sal jou toegereken word. Jy sal verantwoording moet doen daarvoor en jy sal die uiteindelike straf daarvoor moet dra.

Dan maak dit regtig nie saak wat jou man doen of sê, of watter keuse hy ook al maak nie. As hy nie sy reg wil gebruik om jou gelofte tot God nietig te verklaar nie, is alles wel en jy het geen probleme nie. Indien hy wel so dapper en onverskrokke wil wees om jou gelofte met God nietig te verklaar [en onthou – hy het die volste reg om dit te doen omdat God jou man hierdie reg toegeken het] dan is alles ook wel en jy het geen probleme nie, maar dan moet jy mooi luister na vers 9 van Numeri 30 en dit baie mooi verstaan:

> **<u>Núm 30:8</u> Maar as haar man op die dag dat hy daarvan hoor, haar terughou, dan maak hy haar gelofte tot niet wat op haar rus, en ook wat onverskillig uitgespreek is, waardeur sy haarself verbind het; en die HERE sal haar dit vergewe.**
>
> **<u>Núm 30:9</u> <u>MAAR DIE GELOFTE VAN ‘n WEDUWEE OF VAN ‘n VROU WAT VERSTOOT IS—ALLES WAARDEUR SY HAARSELF VERBIND HET, SAL VIR HAAR VAN KRAG WEES.</u>**

Vers 9 is van uiterste belang **en dit is bindend op jou as vrou tot ná jou afsterwe!** Dit beteken eenvoudig dat die gelofte wat jy aan God gemaak het op jou skouers rus wanneer jou man sterf, omdat jy dan ‘n weduwee is, **WAT BETEKEN JY VERAS NIE JOU MAN NIE!** Dit maak nie saak wat sy laaste wens was nie!

Op hierdie manier van doen, **is jy gehoorsaam aan God, sowel as jou man. Jy het geen sonde gedoen nie en jy het nie oortree in jou onderdanigheid aan jou man, of aan God nie.**

Hier is egter 'n baie ernstige saak om te oorweeg: Wanneer jy hierdie gelofte aan God afgelê het en jou man sterf, en jy as vrou word "sag" en "emosioneel" en besluit om hom te veras, omdat hy dit so graag wou gehad het, verbreek jy jou gelofte met God en **sal jy dus die volle swang en las van daardie sonde dra**, omdat jy beide jou gelofte aan God verbreek het asook die sonde van die verassing van jou man!

**Baie belangrik vir die manne:**

> **1Pet 3:7 Net so moet julle, manne, verstandig met hulle saamlewe en aan die vroulike geslag, as die swakkere, eer bewys, omdat julle ook mede-erfgename van die genade van die lewe is—SODAT JULLE GEBEDE NIE VERHINDER MAG WORD NIE.**
>
> **Efs 5:25 Manne, julle moet jul eie vroue liefhê, soos Christus ook die gemeente liefgehad en Homself daarvoor oorgegee het**
>
> **Kol 3:19 Manne, julle moet jul vroue liefhê en nie teen hulle verbitter word nie.**

Die vyeboom bot...

## ‘n Laaste vraag

**Vra jouself ‘n laaste vraag:**
Indien dit waar is dat wanneer ons sterf, ons liggame blote goed vir niks oorblyfsels is wat veras kan word, hoekom sou God, **en ons praat van GOD hier liewe leser...** Waarom sou God vir Josía ‘n bevel gee om beendere uit ‘n graf op te grawe, dit te verontreinig [besoedel] en dit te **verbrand tot as...**
**LET OP** ⇨ **Dit is ‘n direkte opdrag van God aan Josía. Hoekom? Hoekom? Hoekom?**

> **2Kon 23:16 En toe Josía hom omdraai, sien hy die grafte wat daar op die berg was; en hy het die bene uit die grafte laat haal en op die altaar verbrand en dit verontreinig, volgens die woord van die HERE wat verkondig is deur die man van God wat hierdie woorde uitgeroep het.**

Kan u die belangrikheid van die doodsbeendere sien?

U weet reeds wat die woord **TOFET** beskryf. Hierdie selfde koning, koning Josía, het ook die TOFET tot niet gemaak, sodat God se volk nie hul kinders deur die vuur sou laat gaan nie. Koning Josía was ook die grootste koning ooit in Israel!

> **2Kon 23:10 Hy het ook Tofet verontreinig wat in die dal van die kinders van Hinnom was, sodat niemand sy seun of sy dogter vir Molog deur die vuur sou laat deurgaan nie.**

> **2Kon 23:25 En voor hom was daar geen koning soos hy nie wat hom tot die HERE bekeer het met sy hele hart en met sy hele siel en met al sy krag volgens die hele wet van Moses, en ná hom het nie een soos hy opgestaan nie.**

# Is ek my eie god?

Wanneer die Bybel baie duidelik is oor ‘n sekere saak, of onderwerp, en die prediker sê: “ons mag kies” [kyk maar na die algemene aanvaarding van homoseksualiteit deur die KERKE... [a]] en niemand mag ons “oordeel” nie, is dit slegs kode-woord vir: “**jy is god”**. Is u bewus liewe leser wie die heel eerste prediker was wat hierdie preek gepredik het, naamlik dat “**jy jou eie god is?**” Die heel eerste prediker wat hierdie kuns vervolmaak het om **“die gehoor te streel”** was... Laat my toe om hom te kwoteer:

> ***“julle oë sal oopgaan, <u>sodat julle soos God sal wees</u>”***
> ***- Satan [Gen 3:5]***

Wees baie bedag en paraat met hierdie verleidende geeste liewe vriend...

> **<u>1Tim 4:1</u> Maar die Gees sê uitdruklik dat in die laaste tye <u>sommige van die geloof afvallig sal word en verleidende geeste en leringe van duiwels sal aanhang</u>**
> **<u>1Tim 4:2</u> deur die geveinsdheid <u>van leuenaars wat gebrandmerk is in hulle eie gewete,</u>**
>
> **<u>2Tim 4:3</u> want daar sal ‘n tyd wees <u>wanneer hulle die gesonde leer nie sal verdra nie, maar, omdat hulle in hul gehoor gestreel wil wees, vir hulle ‘n menigte leraars sal versamel volgens hulle eie begeerlikhede,</u>**

---

[a] Gedurende die maand van Oktober 2015, het die NG Kerk van Suid-Afrika “gay” en “lesbian” huwelike gewettig, in die KERK in hemelsnaam! Die kerk het selfs “gay” predikers gewettig, in ’n praktiserende “gay” verhouding en/of huwelik, om eredienste te lei - vir vlieënde vark steaks...!!! Ek het natuurlik hoegenaamd niks teen “gay” en “lesbian” mense nie, ek net baie teen “gay” en “lesbian” mense wat eis dat hulle glo in die Bybel, of die God van Abraham, Isak en Jakob...!!! ...maar wie is ek om te “oordeel” wanneer alles en nog wat aanvaarbaar is in die christen**DOM**. Feit: Ek het hierdie dinge presies net so voorspel in my boek: “Veras of Begrawe, wat sê die Bybel?” in 2012! Ek het net nie gedink dit gaan so gou gebeur nie...

**<u>2Tim 4:4</u> <u>en die oor sal afkeer van die waarheid</u> en hulle sal wend tot fabels.**

## Kom ons praat Eksplisiet!

**<u>Rom 1:19</u> omdat wat van God geken kan word, in hulle openbaar is, want God het dit aan hulle geopenbaar.**

Is dit waar? Gee God werklik die openbaring van waarheid in Sy Woord kragtens **VERAS of BEGRAWE?** Gee Hy ons die vermoë om te onderskei tussen reg en verkeerd in hiérdie verband? Sommige sê jy kan kies, ander sê verassing word nie uitdruklik of eksplisiet in die Bybel verbied nie [wat niks anders as leuens en bedrog is nie, maar...] Goed, kom ons kyk of God wel 'n eksplisiete antwoord verskaf op hierdie "brandende" debat:

**<u>Gén 3:19</u> In die sweet van jou aangesig sal jy brood eet totdat jy terugkeer na die aarde, want daaruit is jy geneem. Want stof is jy, en tot stof sal jy terugkeer.**

Sien u dit? Nie? Kom ons kyk weer:

***totdat jy terugkeer na die aarde,***
***want daaruit is jy geneem.***
***Want stof is jy, en tot stof sal jy terugkeer.***

Dit is die eksplisiete antwoord en opdrag: **Jy sal terugkeer na die aarde, want daaruit is jy geneem!**

**<u>Prd 3:20</u> Alles gaan na een plek toe; <u>alles is uit die stof, en alles keer na die stof terug</u>.**

Wanneer die **SILWERDRAAD** verwyder word; **WANNEER ONS STERF**, keer ons terug na die aarde – soos **STOF...**

**<u>Prd 12:6</u> Voordat die silwerdraad verwyder word en die goue oliekruik stukkend val en die kruik by die fontein gebreek word en die wiel stukkend in die put val**
**<u>Prd 12:7</u> <u>EN DIE STOF NA DIE AARDE TERUGKEER SOOS DIT GEWEES HET</u>, en die gees na God terugkeer wat dit gegee het.**

**Die stof keer na die aarde terug, Soos dit gewees het...**

**<u>Job 34:15</u> dan sou alle vlees tesame die asem uitblaas <u>EN DIE MENS SOU TOT STOF TERUGKEER</u>.**
**<u>Psa 90:3</u> <u>U LAAT DIE MENS TERUGKEER TOT STOF</u> en sê: Keer terug, o mensekinders!**
**<u>Psa 104:29</u> U verberg u aangesig, hulle word verskrik; U neem hulle asem weg, <u>HULLE STERWE EN KEER TERUG TOT HUL STOF</u>.**

Meer eksplisiet as dit kan ek jou nie gee nie. Laat ons dan ook in ons dood, sterf tot eer van God, met ander woorde, laat ons lewe tot eer van God en laat ons ook wanneer ons sterf, dit tot eer en heerlikheid van God sal wees, **met 'n skriftuurlike teraardebestelling!**

**<u>Rom 14:8</u> Want as ons lewe, leef ons tot eer van die Here; <u>en as ons sterwe, sterf ons tot eer van die Here; of ons dan lewe en of ons sterwe, ons behoort aan die Here.</u>**

Wanneer u eis dat u aan God behoort, Sy kind is – hoe op dees aarde kan u lykverbranding regverdig en steeds eis at u SYNE is...?

**<u>Rom 12:1</u> Ek vermaan julle dan, broeders, by die ontferminge van God, <u>dat julle jul liggame stel as 'n lewende, heilige en aan God welgevallige offer</u> dit is julle redelike godsdiens.**

Vertel my nou – Hoe versoen 'n mens "stel jul liggame as heilige en welgevallige offer" deur jou liggaam deur 'n verassings oond te stuur? Hoe kan ons wanneer ons lewe of dood is, God se kind wees, wanneer ons deur die heidense, gruwelike verterende afgod vuur gaan?

> **<u>Joh 5:28</u> Moenie julle hieroor verwonder nie. Want daar kom 'n uur <u>wanneer almal wat in die grafte is, sy stem sal hoor</u>**
> **<u>Joh 5:29</u> en sal uitgaan, die wat goed gedoen het, tot die opstanding van die lewe, <u>en die wat kwaad gedoen het, tot die opstanding van die veroordeling.</u>**

Sê dit: die wat in as-flessies is Sy stem sal hoor, of die wie se as in die oseane verstrooi is, of sê dit:

***"<u>almal wat in die grafte is</u>, sal Sy stem hoor"***

Ek maak die volgende stelling:
Wanneer 'n persoon eis dat hy of sy 'n christen is en sê: jy kan jouself veras, en dan sê dat jy vir ewig by "Christus" sal wees, nadat jy die waarheid ken, **is 'n DOKTRINE van duiwels!**

> **<u>1Tim 4:1</u> Maar die Gees sê uitdruklik dat in die laaste tye <u>sommige van die geloof afvallig sal word en verleidende geeste en leringe van duiwels sal aanhang</u>**

> **<u>Mat 7:15</u> Maar <u>pas op vir die valse profete wat in skaapsklere na julle kom en van binne roofsugtige wolwe is</u>.**






**MOET NOOIT, OOIT DAT JOU LIGGAAM DEUR HIERDIE AFGRYSLIKE GRUWEL VAN HOERERY GAAN NIE, WANT GOD HAAT DIT…!!!**



**MOENIE VIR SATAN LUISTER NIE**
**JY IS NIE JOU EIE GOD NIE,**
**JOU LIGGAAM IS 'N TEMPEL!**
**MOET DIT NIE SKEND DEUR DIT TE VERAS NIE!**
**DIT BEHOORT NIE AAN JOU NIE!**
**JY IS NIE GOD NIE!**

**1Kor 3:17 As iemand die tempel van God skend, SAL GOD HOM SKEND; want DIE TEMPEL VAN GOD IS HEILIG, EN DIT IS JULLE.**

**Satan:**

**<u>Gén 3:5</u> maar God weet dat as julle daarvan eet, julle oë sal oopgaan, <u>sodat julle soos God sal wees</u> deur goed en kwaad te ken.**

**<u>1Kor 10:9</u> En <u>laat ons Christus nie versoek soos ook sommige van hulle gedoen het nie,</u> en hulle het deur die slange omgekom.**
**<u>1Kor 10:10</u> En moenie murmureer soos ook sommige van hulle gemurmureer het nie, en <u>hulle het deur die verderwer omgekom.</u>**
**<u>1Kor 10:11</u> Maar al hierdie dinge het hulle oorgekom <u>as voorbeelde en is opgeskrywe as 'n waarskuwing aan ons op wie die eindes van die eeue gekom het.</u>**
**<u>1Kor 10:12</u> Daarom, wie meen dat hy staan, moet oppas dat hy nie val nie.**
**<u>1Kor 10:13</u> Geen versoeking het julle aangegryp behalwe 'n menslike nie; <u>maar God is getrou, wat nie sal toelaat dat julle bo julle kragte versoek word nie; maar Hy sal saam met die versoeking ook die uitkoms gee, sodat julle dit sal kan verdra.</u>**
**<u>1Kor 10:14</u> <u>Daarom, my geliefdes,</u>**

# <u>vlug vir die afgodediens.</u>

## Gekookte Padda Sindroom

Meeste van ons is bewus van die “Gekookte Padda Sindroom”. Die legende is soos volg: Wanneer jy ‘n padda in ‘n pot met warm water plaas, sal die padda onmiddellik die gevaar herken en daarop reageer deur uit die pot te spring. Wanneer jy die padda egter in ‘n pot koue water plaas, en die hitte stadig maar seker laat toeneem, is die padda salig onbewus van die dreigende “gevaar”. Die padda raak dus gewoond aan die hitte wat stadig toeneem, sonder om onraad te merk. Wanneer die hitte te vinnig opgedraai word, sal die padda onraad vermoed en alles probeer om van die gevaar te ontsnap. Dit is juis om hierdie rede dat die hitte baie stadig en versigtig moet toeneem om die padda sodoende te mislei – tot dit te laat is!

By ‘n sekere temperatuur van die water merk die padda skielik onraad en herken die groot gevaar waarin hy homself “skielik” bevind. Die padda wil uitspring en ontsnap, maar hy kan nie omdat hy reeds halfgaar gekook is. Wat volgende gebeur is: **DIE PADDA STERF!** Die padda was ter enige tyd vry om by die pot uit te spring terwyl dit hom stelselmatig, lewendig begin kook het, maar die padda het heeltyd net daar in die water gesit. Hoekom? Die padda het nooit die geleidelike bedrog opgespoor of herken nie – tot dit te laat was.

Ons word tans, meer as ooit op alle vlakke van ons samelewing oop en bloot bedrieg, belieg en besoedel; polities, finansieel, opvoedkundig, medies, kultureel, omgewing, histories, tegnologies en selfs ons voedsel – maar die mees gevaarlikste van alles is op **teologiese en geestelike vlakke**. Moenie **geflous word deur hoofstroom media** nie, moenie gebreinspoel word deur die **TELL-LIE-VISION** nie, en die belangrikste van alles, moenie deur die sogenaamde “herders van die kudde”, die predikante, predikers, pastore en demoonies mislei en bedrieg word nie!

**WORD WAKKER...!!!** Staan op en doen jou eie navorsing! Ons is alreeds by kookpunt! Moenie geflous word met die stelselmatige sogenaamde “klein” veranderings nie. Moenie die padda wees nie. **Wees waaksaam en bid.**

> **Luk 21:36 Waak dan en bid altyddeur, sodat julle waardig geag mag word om al hierdie dinge wat kom, te ontvlug en voor die Seun van die mens te staan.**

# ONTWAAK EN HERKEN DIE GEVAAR...!!!



# GAAN JY VERAS?



# 'n GRUWEL wat




# GOD HAAT!

**<u>Deut 12:31</u>**

...want alles wat vir die HERE

**'N GRUWEL IS, WAT HY HAAT**

het hulle vir hulle gode gedoen; want selfs

**HULLE SEUNS EN HULLE DOGTERS VERBRAND HULLE MET VUUR**

vir hulle gode.

**<u>1Kor 6:19</u> Of weet julle nie**

**<u>DAT JULLE LIGGAAM 'N TEMPEL IS VAN DIE HEILIGE GEES WAT IN JULLE IS,</u>**

**wat julle van God het,**

**<u>EN DAT JULLE NIE AAN JULSELF BEHOORT NIE?</u>**

*VERAS of BEGRAWE?*

**Wat sê die Bybel?**

***Die Bybel sê:***

**Verassing is een van die grootste sondes**
**wat jy kan pleeg,**
**en ook die laaste sonde**
**WAT JY OOIT SAL PLEEG**
**na jou lewe op hiérdie aarde...**

**Sterkte en Seënwense**
**met u besluit...**



**Piet Wilsenach**

**Jak 3:14-15**

**Maar as julle bittere afguns en selfsug in julle hart het, moenie roem en lieg teen die waarheid nie. Dít is nie die wysheid wat van bo kom nie, maar is aards, natuurlik, duiwels;**

**1Joh 1:6**

**As ons sê dat ons met Hom gemeenskap het en in die duisternis wandel, dan lieg ons en doen nie die waarheid nie.**

"Wanneer jy 'n skuiwergat soek om die Almagtige se opdragte te omseil, sal Satan jou met graagte 'n magdom skuiwergate voorsien!"

~ Piet Wilsenach

# *Addendum*

## Nou het ek ’n paar vrae?

In my boek: “Veras of Begrawe, wat sê die Bybel?” het ek redelike antwoorde verskaf, maar die boek is lywig. Hiérdie boekie is die één wat die meeste mense lees, waarna hulle my kontak met vrae. Ek plaas sommige vrae hier, en probeer kortliks antwoorde gee...

## Wat van my geliefdes wat veras is?

Wanneer iemand uit onkunde, ’n geliefde laat veras, sal die “veraste persoon” en die geliefdes geen skuld hê nie, want:

> **Hnd 17:30 God het dan die tye van onkunde oorgesien en verkondig nou aan al die mense oral dat hulle hul moet bekeer,**

Maar... daar staan baie duidelik dat ons moet **bekeer...**
Indien ons tot die kennis van waarheid kom en nie wil luister nie, terwyl iemand ons die waarheid gegee het, geld **onkunde** nie meer nie... want dan is dit verharding van die hart en verduistering van die verstand!

> **Efs 4:18 mense wat verduisterd is in die verstand en vervreemd van die lewe van God deur die onkunde wat in hulle is vanweë die verharding van hulle hart;**

My ouma, pa, ma, kind was veras - gaan hulle die koninkryk sien? Ek het hulle laat veras, maar ek het nie geweet dit is verkeerd nie. Ons probeer hierdie vraag beantwoord, slegs op grond van die sonde van verassing, alle ander ongeregtighede uitgelaat natuurlik.

Wat sê die Skrif:

> **1Pet 2:25 Want julle was soos dwalende skape, maar nou het julle teruggekeer na die Herder en Opsiener van julle siele.**

Miskien het hulle, of uself voorheen gedwaal [moontlik juis as gevolg van die vals kerke en predikers,] maar nou het u die kennis van waarheid ontvang. Nou rus die onus op u; die besluit wat u nou neem hou groot gevolge vir u in, moet geen fout maak nie!

> **Heb 10:26 Want as ons opsetlik sondig, nadat ons die kennis van die waarheid ontvang het, bly daar geen offer vir die sondes meer oor nie,**
> **Heb 10:27 maar ‘n verskriklike verwagting van oordeel en ‘n vuurgloed wat die teëstanders sal verteer.**

Wanneer ons nie die kennis van waarheid ontvang het nie, kry ons vergifnis, [behalwe vir die drie onvergeeflike sondes waarvan ek bewus is.] Hierdie vergifnis het egter ’n raklewe, met respek gesê natuurlik. Dit verstryk sodra God die waarheid oor ons pad gebring het en ons hierdie kennis van waarheid ontvang het. Sou ons daarna kies om steeds die breë weg van die meerderheid te volg, bly die vuurgloed vir ons oor sonder ’n offer vir die sonde. Ons kan slegs vir SY genade pleit...

> **Heb 6:4 Want dit is onmoontlik om die wat eenmaal verlig geword het en die hemelse gawe gesmaak en die Heilige Gees deelagtig geword het,**
> **Heb 6:5 en die goeie woord van God gesmaak het en die kragte van die toekomstige wêreld,**
> **Heb 6:6 en afvallig geword het—om dié weer tot bekering te vernuwe, omdat hulle ten opsigte van hulleself die Seun van God weer kruisig en openlik tot skande maak.**

Dit is slegs God wat besluit wie die hel, en wie die koninkryk beërwe, maar wanneer ons die Skrif ondersoek, kry ons riglyne; en hierdie riglyne wil vir my voorkom soos volg: As jy en ouma nie geweet het nie, sal dit julle vergewe word, en selfs ouma sal uit haar assies opgewek word. Moontlik het julle self geworstel met die vraag, en 'n vroom prediker met hooggeleerde kwalifikasies het julle vertel daar is niks mee verkeerd om te veras nie, julle kan self besluit en niemand mag julle oordeel nie... daardie oordeel sal op die vals prediker val.

> **Mat 7:14 Want die poort is nou en die pad is smal wat na die lewe lei, en daar is min wat dit vind.**
> **Mat 7:15 Maar pas op vir die valse profete wat in skaapsklere na julle kom en van binne roofsugtige wolwe is.**
> **Mat 7:16 Aan hulle vrugte sal julle hulle ken. 'n Mens pluk tog nie druiwe van dorings of vye van distels nie!**
>
> **Mat 23:14 Wee julle, skrifgeleerdes en Fariseërs, geveinsdes, want julle eet die huise van die weduwees op, en doen vir die skyn lang gebede. Daarom sal julle 'n swaarder oordeel ontvang.**

Met respek, uit die vlees, en met die Skrif, glo ek nie ek dwaal wanneer ek vir u sê dat u, u nie langer hoef te kwel wanneer u in onkunde iemand veras het nie; toegegee dat die voorwaardes hierbo waar en juis is. Vra vir vergifnis en beweeg aan wanneer u dit ontvang het. Daar is heelparty mense wat nog nooit 'n boek gelees het of die Bybel bestudeer het in onderwerpe soos verassing en baie ander nie, maar hulle weet in hul binneste dat dit verkeerd is.
Waar kom hierdie oortuiging vandaan? Wanneer dit strook met die Woord, kan dit net deur God se Gees geïnspireerde leiding wees!

Indien my uitsprake in hierdie afdeling verkeerd is vra ek God om vergifnis en dat Hy my sal wys waar ek dwaal. Hoekom sê ek so?

> **Opn 12:9 En die groot draak is neergewerp, die ou slang wat genoem word duiwel en Satan, wat die hele wêreld verlei, hy is neergewerp op die aarde, en sy engele is saam met hom neergewerp.**

Ek is nie verhewe bo hierdie verleiding [misleiding] nie, ek is óók hierby ingesluit.

## Wat van rampe?

Daar is talle gevalle in die geskiedenis waar massa mense veras is. Hier het die sanitêre of higiëniese argument werklik ingetree, juis omdat daar epidemies kan uitbreek wanneer daar nie spoedig met die lyke gehandel word nie. Wat van daardie mense, gaan hulle hel toe? Nee, presies dieselfde Skrifgedeeltes geld hier wat ons in die vorige afdeling ondersoek het. Die persoon het dalk in sy testament geskryf dat hy begrawe wil word, maar hy is veras weens omstandighede. Hy is natuurlik nie verantwoordelik daarvoor nie. Sou ’n ou tannie verkies om die Skrif te volg en haar te laat begrawe, en die kinders besluit na haar dood om haar te veras, sal die ou tannie dit nie toegereken word nie, maar die kinders gaan les opsê...

Daar is egter iets anders waaroor ek nie ’n uitspraak wil maak nie, maar ek wil u tog probeer aanspoor om te dink oor dit wat volg...

## Net Goeie mense word begrawe

Ek weet van geen slegte persoon wat ooit begrawe is nie. By hoeveel begrafnisse was u waar die prediker gesê het:
“Hier lê Piet vandag, mors dood in sy kis. Dit is 'n wonderlike dag vir sy vrou, sy kinders, en die samelewing in geheel. Hy het sy vrou mishandel, verkrag en uitverhuur. Hy het sy kinders pimpel en pers geslaan van hulle twee maande oud was. Hy was ’n monster wat die hele distrik geterroriseer het. Sy dood is ’n wonderlike dag vir ons...”

Ek het nog nooit van so begrafnis gehoor nie. Die gestorwe persoon is altyd net liefdevol, voorbeeldig en goedgesind. Ons weet dit is twak, maar niemand waag dit om woorde te spreek wat die werklikheid beskryf nie. As almal was, soos wat hulle op hul begrafnisse beskryf word, sou die wêreld ’n baie beter plek gewees het, nie so nie? Hoekom sê ek so? Wel, omdat niemand hel toe gaan nie, reg? Verkeerd, die Skrif is baie duidelik dat die meerderheid, wat so in alles gevolg word, baie beslis in die hel sal beland, maar waar is hierdie mense dan, want net goeie mense word begrawe?

Die punt is: Daardie man wat gesterf het in die natuurramp, wat veras was; die vrou wat in die vliegongeluk gesterf het waarvan daar nie eers ’n stukkie vlees of been so groot soos 'n vlieg oorgebly het nie, wat van hulle? Hulle is verkool, veras, vernietig ens. Sekerlik gaan hulle opgewek word, God kan hulle opwek! Ja Hy kan, maar vra ons nie die vrae in die verkeerde volgorde nie? Moet die eerste vraag nie wees:
Wat is die rede dat daardie man in die natuurramp omgekom het, wat is die rede dat daardie vrou so gruwelik omgekom het in ’n vliegtuig ongeluk? ’n Man is in 'n bomontploffing dood en aan skerwe geskiet; daar het niks van hom oorgebly nie. Die eerste vraag is nie, gaan hy hemel toe of gaan hy opgewek word

nie... die eerste vraag moet wees: “waarom is hy in ’n bomontploffing aan skerwe geskiet?”

Ja maar jy verstaan nie, die man was elke Sondag in die kerk, en elke Woensdag by die biduur. Saterdae het hy duiwels uitgedryf en weeksaande het hy groot wonders by die hospitale gedoen, 'n godvresende man! Dit is bewys dat hy hemel toe gaan! Wat sê die Skrif?

> **Mat 7:19 Elke boom wat nie goeie vrugte dra nie, word uitgekap en in die vuur gegooi.**
> **Mat 7:20 So sal julle hulle dan aan hul vrugte ken.**
> **Mat 7:21 Nie elkeen wat vir My sê: Here, Here! sal ingaan in die koninkryk van die hemele nie, maar hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemele is.**
> **Mat 7:22 Baie sal in daardie dag vir My sê: Here, Here, het ons nie in u Naam geprofeteer en in u Naam duiwels uitgedrywe en in u Naam baie kragte gedoen nie?**
> **Mat 7:23 En dan sal Ek aan hulle sê: Ek het julle nooit geken nie. Gaan weg van My, julle wat die ongeregtigheid werk!**

Daar sal selfs mense wees wat vir Hom sal sê: hulle het saam met Hom geëet, hoe kan Hy hulle dan nie ken nie, maar Hy sal steeds vir hulle sê: Gaan weg van My!

> **Luk 13:23 Toe sê iemand vir Hom: Here, is die wat gered word, min? En Hy antwoord hulle:**
> **Luk 13:24 Stry hard om in te gaan deur die nou poort, want baie, sê Ek vir julle, sal probeer om in te gaan en sal nie in staat wees nie.**
> **Luk 13:25 Wanneer die eienaar van die huis opgestaan en die deur gesluit het, en julle begin buitekant te staan en aan die deur te klop en te sê: Here, Here, maak vir ons oop—sal Hy antwoord en vir julle sê: Ek ken julle nie waar julle vandaan is nie.**

> **<u>Luk 13:26</u> Dan sal julle begin sê: <u>Ons het in u teenwoordigheid geëet en gedrink, en U het op ons strate geleer</u>.**
> **<u>Luk 13:27</u> En Hy sal sê: <u>Ek sê vir julle, Ek ken julle nie waar julle vandaan is nie. Gaan weg van My, al julle werkers van die ongeregtigheid!</u>**

**Ek vertrou u kry die punt.**
Geensins beweer ek dat elkeen wat in ʼn ramp sterf nie in die koninkryk sal kom nie, maar ek sê baie beslis, nie elkeen wat in ʼn ramp sterf gaan die koninkryk inkom nie. Net so glo ek ook nie dat sommige wat die kerk so getrou bedien, die koninkryk sal sien nie, al dink hulle so... dit is immers wat die Skrifte sê!

## Staats verassing

ʼn Ou omie kontak my met hiérdie vraag:
"**Ek woon in ʼn ouetehuis; ek het geen finansies vir ʼn begrafnis nie; ek het ook geen familie nie. Soos ek verstaan, sal die staat my outomaties veras.**"

Die vorige vers geld steeds hiér:

> **<u>Hnd 17:30</u> <u>God het dan die tye van onkunde oorgesien</u> en verkondig nou aan al die mense oral dat hulle hul moet bekeer,**

1. Wanneer iemand nie die waarheid ken nie en dit in onkunde doen, **sal God dit oorsien...**
2. Wanneer iemand bekeer en die waarheid ken, en kies om nie te veras nie, maar die geliefdes besluit in welke geval om jou te veras, **sal God dit oorsien...**
3. Wanneer jy nie anders kan nie, en die die staat veras jou, wel... **God sal dit oorsien...**

## Kognitiewe Dissonansie

Ek vertrou bogenoemde maak sin, maar daar is altyd iemand wat enige rede sal aanvaar en opmaak, om te veras; maak nie saak hoeveel bewyse jy die persoon verskaf nie. Ons noem dit Kognitiewe Dissonansie – "***Cognitive Dissonance"*** Dit is basies wanneer jy twee teenstrydige gedagtes of besluite het; dan maak jy allerhande plannetjies om daardie besluit te omseil.

'n Voorbeeld: 'n Man [wat ek ken] lees hiérdie boek, besluit dat dit verkeerd is om te veras, maar sy pa sê vir hom daar is niks mee verkeerd nie. Die man gaan na sy demoonie en vra hom kragtens verassing. Die demoonie sê: Daar is niks m.b.t. verassing in die Bybel nie, jy kan kies wat jy wil hê en niemand mag jou oordeel nie. Die man glo die demoonie en hy gaan nou veras – nou ja, so is die lewe...!

Hier is 'n uittreksel vanuit 'n Werksdokument van die NG Kerk in Suid-Afrika wat verklaar:
"**Is daar Bybeltekste wat verassing verbied?**"

> ***"Daar is, sovêr ons kennis strek, geen sulke tekste nie. Dit lyk dus nie asof die Bybel enigsins leer dat daar iets inherent verkeerd aan verassing is nie, of dat begrafnis inherent beter of meer Christelik is nie. Begrafnis was bloot die gebruik wat die Israeliete en die vroeë Christene mee grootgeword het, wat hulle geken het en wat hulle verkies het. Is dit regtig so dat ons die liggaam met respek behandel as ons dit in die grond begrawe en dat ons die liggaam sonder respek behandel as ons dit verbrand? Nee."***

En só leer hulle die skapies, en die skapies sê: **AMEN...!!!**

En só het die NG Kerk van Suid-Afrika "gay" en "lesbian" huwelike gewettig, in die KERK in hemelsnaam! Die kerk het selfs "gay" predikers gewettig, in 'n praktiserende "gay" verhouding en/of huwelik, om eredienste te lei... Gaan lees weer die afdeling: "**Is ek my eie god**" in Hoofstuk 7...

Wees baie bedag en paraat met hierdie verleidende geeste liewe vriend...

> **<u>1Tim 4:1</u> Maar die Gees sê uitdruklik dat in die laaste tye <u>sommige van die geloof afvallig sal word en verleidende geeste en leringe van duiwels sal aanhang</u>**
> **<u>1Tim 4:2</u> deur die geveinsdheid <u>van leuenaars wat gebrandmerk is in hulle eie gewete,</u>**
>
> **<u>2Tim 4:3</u> want daar sal 'n tyd wees <u>wanneer hulle die gesonde leer nie sal verdra nie, maar, omdat hulle in hul gehoor gestreel wil wees, vir hulle 'n menigte leraars sal versamel volgens hulle eie begeerlikhede,</u>**

Onthou egter een ding baie mooi...!

> **<u>Heb 10:26</u> Want <u>as ons opsetlik sondig, nadat ons die kennis van die waarheid ontvang het, bly daar geen offer vir die sondes meer oor nie</u>,**

## Standpunt

Dit is regtig nie my taak om u oor te haal of u standpunt, of siening te verander, kragtens veras of begrawe nie. Ek bring niks nuuts nie; die teksverse in hiérdie boek is vir duisende jare in die Skrifte geskrywe... al wat ek doen, is om net 'n paar uit te lig vir perspektief, dit is al. Indien u die teksverse in dié boek opreg gelees en bestudeer het, en steeds wil veras... wel, dan het u my toestemming om u te laat veras, nie dat my toestemming

enigsins van waarde is nie, maar dan het u die reg om u oorskot te laat verbrand...

> ***"Wanneer jy 'n skuiwergat soek om die Almagtige se opdragte te omseil, sal Satan jou met graagte 'n magdom skuiwergate voorsien!"***
>
> ***~ Piet Wilsenach***

## Saul en sy seuns

So kry jy mense wat kommentaar lewer, wat nog nooit die boek eers gelees het nie, wat sê: "**Saul en sy seuns was veras!**" Ek het dit ten volle beskryf in die boek: "Veras of Begrawe, wat sê die Bybel?" – ek gee 'n kort opsomming hiér...

Die verhaal van koning Saul is geweldig insiggewend wanneer ons kyk na die manier waarop God se toorn, selfs na die dood, of selfs deur die metode van dood manifesteer.

> **<u>1Sam 31:8</u> En toe die Filistyne die volgende dag kom om die gesneuweldes te plunder, <u>kry hulle Saul en sy drie seuns nog daar lê op die gebergte Gilbóa.</u>**
> **<u>1Sam 31:9</u> <u>En hulle het sy hoof afgekap</u> en sy wapenrusting uitgetrek en dit in die land van die Filistyne rondgestuur om die blye boodskap te bring in die tempels van hulle afgode en aan die volk.**
> **<u>1Sam 31:10</u> Daarna het hulle sy wapens in die Astarte-tempel neergelê, <u>maar sy lyk teen die muur van Bet-San vasgeslaan.</u>**

Na hierdie geweldige toorn wat op Saul uitgegiet is, bly sy liggaam egter so belangrik vir sy manskappe dat hulle ten spyte van groot gevaar, en met groot deursettingsvermoë, Saul en sy seuns se lyke van die muur gaan verwyder. Die dapper manskappe het geen ander alternatief gehad as om hulle lyke te verbrand nie, of het hulle?

**1Sam 31:11 Toe die inwoners van Jabes in Gílead daarvan hoor—wat die Filistyne aan Saul gedoen het—**
**1Sam 31:12 het al die dapper manne hulle gereedgemaak en die hele nag deur getrek; en hulle het die lyk van Saul en die lyke van sy seuns van die muur van Bet-San afgehaal en by Jabes gekom en hulle daar verbrand.**

Daar was moontlik 'n rede vir die verbranding, maar sou ons dit wat ons reeds geleer het, naamlik: die verband tussen God se toorn en die verbranding van 'n liggaam, was dit heel waarskynlik God se toorn wat die verbranding tot gevolg gehad het. Hoekom sê ek so? Wel, die beendere was daarna begrawe. Weereens, selfs na Saul se gruwelike sonde word sy beendere volgens God se insettinge begrawe!

**1Sam 31:13 En hulle het hul gebeente geneem en onder die tamarisk in Jabes begrawe en sewe dae lank gevas.**

Soos ek voorheen reeds genoem het, ek is nie verhewe bo misleiding en alwetend nie... maar koning Saul was nie veras nie, **HUL BENE WAS BEGRAWE** - en so sal hulle enige manier onder die son kry om verassing goed te keur...!

**Kognitiewe Dissonansie – "*Cognitive Dissonance*"**

**Jak 3:14-15**
**Maar as julle bittere afguns en selfsug in julle hart het, moenie roem en lieg teen die waarheid nie. Dít is nie die wysheid wat van bo kom nie, maar is aards, natuurlik, duiwels;**

## Maak u besluit welbekend!

Maak seker jou geliefdes weet baie goed wat jou besluit is na die dood... Wanneer dit egter jou wens is om nie te veras nie, en jou geliefdes veras jou teen jou wens, sal jy geen skuld hê nie, maar hulle sal die volle prys daarvoor betaal, of dit nou uit onkunde is of nie, omdat hulle bewus was van jou wens, want:

> **<u>Gal 3:15</u> Broeders, ek spreek menslikerwys: <u>selfs 'n mens se testament wat bekragtig is, maak niemand tot niet of voeg daaraan toe nie</u>.**

Maak net seker al jou geliefdes weet:

# JY WIL NIE VERAS WORD NIE;

...en **skryf dit ook so in jou testament**.



# *Inligting*

## Gratis e-boek Aflaai:

My boeke kan **gratis** afgelaai word vanaf:

***www.pietwilsenach.com***

***www.free-ebooks.net***

…en menige ander webwerwe, soek net vir "Piet Wilsenach"

## Webwerf

Besoek asseblief my webwerf vir opdaterings en nuwe publikasies. U is ook welkom om in te teken op my nuusbrief by:

***www.pietwilsenach.com***



## Ander publikasies deur dieselfde outeur:

- ***Kinderdoop vs. Grootdoop en meer skokkende kerk misleiding.***

*[ISBN 978-0-620-54529-7]*

- ***Veras of Begrawe, wat sê die Bybel?***

*[ISBN 978-0-620-55258-5]*

- ***Cremate or Bury, what saith the Bible?***

*[ISBN 978-0-620-55257-8]*

- ***Ashes to Ashes or Dust to Dust?***

*[ISBN 978-0-620-65607-8]*


- ***As tot As of Stof tot Stof?***

*[ISBN 978-0-620-68708-9]*


# Sy Slaap Rustig Sedert
## 15 Desember 2014



**Sy was Liefde!**
**...en haar nalatenskap,**
**wat ewig sal voortbestaan,**
# is Liefde...




04/11/2014



# Miemie Wilsenach Scheppel

## Gebore 27 April 1947




Hierdie boek lees vinnig en slaan hard. Dit is spesiaal geskryf vir diegene wat suiwer Bybelse antwoorde soek wat verband hou met verassing en die tradisionele grond begrafnis. Die boek is kort, tot die punt en draai nie doekies om nie!

Baie christene glo dat die frase:
"As tot As"
van Bybelse oorsprong is...
Hierdie boek egter onthul die waarheid!

Indien u vermoeid is met 'n geliefde wat daarop aandring om veras te word, lees hierdie boek! Hierin sal u al die antwoorde vind om die verassings-bul by die horings te pak.
Hierdie boek bevat suiwer skriftuurlike raad vir diegene met 'n hardkoppige huweliksmaat!

Lees ook:
**"Veras of Begrawe, wat sê die Bybel?"**
deur dieselfde outeur.




"Die meerderheid christene dien nie die God wat hulle geskape het nie, hulle dien 'n god wat hulle self geskep het"
~ Piet Wilsenach







www.pietwilsenach.com

ISBN 978-0-620-68708-9